CARNEGIE - BIBLIO...
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
11-3-1980
CARNEGIE LIBRARY

Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXIV Nr. 2 PRYS 10c

VRYDAG, 29 FEBRUARIE 1980

# Maties raak Karnaval-mal








## Lees binne:

BLADSY
4 • SR steun Bell te midde van oproer.
5 • Wits kan kontak met Stellenbosch hernu.
8 • SR speel viool terwyl Rome brand.
9 • Studentehof ondersoek Die Matie se finansies.
11 • Meningsaktueel – Ope brief aan SR.
12 • USKOR.
14 • Mej. Matieland-finaliste.
15 • Foto's van Karnaval.
16 • Foto's van Karnaval.
20 • Mej. Matieland en haar prinsesse.

Buitengewone monstervergadering Donderdag 6 Maart.
D.F. Malan Gedenksentrum 20h15.



# NUWE ORREL VIR ENDLER

MET die installering van die Marcussen-orrel in die Endlersaal van die Konservatorium is 'n lang gekoesterde ideaal verwesenlik: vir die eerste keer in die geskiedenis beskik Stellenbosch oor 'n volwaardige konsertorrel in 'n volwaardige konsertsaal.

### ORRELLITERATUUR BEVREDIGEND VERTOLK

Terwyl by die beplanning van 'n Kerkorrel veral liturgiese maatstawe geld, is die vereistes wat aan 'n orrel in 'n konsertsaal gestel word uit die aard van die saak anders: **hier gaan dit in die eerste plek daarom dat, vir sover as moontlik, die orrelliteratuur uit alle stylperiodes bevredigend vertolk kan word. By die ontwerp van die disposisie, d.i. die keuse van die registers en die verdeling daarvan oor die verskillende manuale en pedaal van die orrel, was dit my vernaamste oogmerk. Ander belangrike faktore waarmee rekening gehou moes word, is die grootte van die saal en natuurlik die beskikbare fondse.**

Die orrel se 44 registers, met 'n totaal van ongeveer 3 200 pype, is verdeel oor drie manuale en pedaal. Elke afdeling van die orrel, die Positief, die Hoofwerk, die Swelwerk en die Pedaal, is 'n volledige eenheid, as 't ware 'n klein orrel op sigself, en het sy eie karakter. Die verskillende "werke" kan onderling aan mekaar en aan die pedaal gekoppel word en so mekaar aanvul. By die keuse van die registers van die Hoofwerk en die Positief is veral gedink aan die orrelliteratuur van die 16de tot die 18de eeu, terwyl die uitgebreide Swelwerk met sy 14 registers in hoofsaak beplan is met die oog op die romantiese en die moderne musiek. Getrou aan die tradisie is die speel- en registertraktuur (die "aksie") geheel meganies.

### HOOGSTE GRAAD VAN VAKMANSKAP

Vyf van Europa se bekende orrelbouers is gevra om 'n prys te kwoteer vir 'n orrel met hierdie disposisie. Op grond van sy wêreldwye, uitstekende reputasie het die Universiteit besluit om die opdrag toe te ken aan die beroemde Deense orrelbouers, die firma Marcussen & Seun. **Gebaseer op inligting wat deur die Konservatorium aan hulle verskaf is, soos foto's, planne en gegewens oor die akoestiese eienskappe van die saal, sowel as bandopnames van verskillende blaasinstrumente wat in die saal gemaak is, het die firma toe die orrel op die tekenbord ontwerp, en die resultaat staan tans in die Endlersaal: 'n instrument wat in sy simetriese opbou getuig van die hoogste graad van vakmanskap en wat esteties aanpas by sy omgewing.**

**BOUDEWIJN SCHOLTEN**



*Boudewijn Scholten wat die Marcussen-orrel in die Endlersaal ingewy het. Hy is in Nederland gebore en het daar sy musiekopleiding ontvang. In 1952 het hy vir die eerste keer na Suid-Afrika gekom. Later het hy sy studies voortgesit aan die Amsterdamse Konservatorium onder wyle dr. Anton van der Horst, beroemde orrelis en dirigent van die Nerderlandse Bachvereniging. Terselfdertyd het hy Klavesimbel onder die bekende Gustav Leonhardt gestudeer. Later het mnr. Scholten aan die Internasionale Kursus vir Orreliste in Haarlem deelgeneem waar hy onder Marie-Claire Alain en wyle Anton Heiller gestudeer het. In 1961 is hy aangestel as lektor in orrel aan die Konservatorium en drie jaar later tot senior lektor bevorder. Hy is alombekend vir sy konsert- en radio-uitvoerings, beide as orrelis en klavesinis, en het verskeie keer as solis opgetree met die Nasionale Simfonie-orkes van die SAUK.*

# *FILMVERENIGING: IVORY STEL KUNS VAN LEWE*

**Maandag 3 Maart 19h00 Reitzsaal Hullabaloo over Georgie and Bonnie's pictures. James Ivory 1978.**

'n Sensitiewe, humoristiese werk waarin Ivory die tema van kuns versus lewe toelig à la Henry James. Die speels-spannende intrige (pogings van 'n Engelse lady en Amerikaanse "tycoon" om die kosbare versameling miniatuurskilderye van die erfgename van 'n Indiese prins in te palm) stel die regisseur in staat om met fyn ironie ooste en weste, verlede en hede, koloniale praal en die verslefe restante daarvan te jukstaponeer.

**Maandag 10 Maart 19h00 Reitzsaal The Eclipse. M. Antonioni. Italië 1963.**

L'Eclisse is die derde film van 'n informele trilogie deur Antonioni (voorafgegaan deur L'Aventura en La Notte).

Aan die hand van 'n los intrige wat handel oor die verhouding van Vittoria (Monica Vitti) en die aandelemakelaar Piero (Alain Delon) en die eventuele incenstorting van die beurs verbeeld Antonioni die vervreemding van die moderne mens op seksuele en materiële gebied.

Soos in L'Aventura en La Notte val die tegniese vaardigheid van die regisseur op sowel as sy eksperimentele waagmoed met die filmmedium.


"This is a film to chill and to sadden, but in terms of pure cinema it is irreproachable" (G. Gow: Films & Filming)

### WOENSDAGAANDE

Oud en nuut; eertydse kastele en moderne kuns vorm die inhoud van die Woensdagaandprogramme van die U.S. Filvereniging vir die eerste semester. Vertonings vind plaas elke Woensdagaand om 19h00 in die Reitzsaal. Toegang is gratis.

The Splendour Falls is 'n reeks van ses films, elk 26 minute lank, wat op die eerste ses Woensdagaande vertoon sal word. In hierdie reeks word historiese en argitektonies belangrike kastele in Wallis gebruik om die ontwikkeling van kastele deur die eeue heen mee te illustreër. Na afloop van hierdie films sal daar 'n pouse van 5 minute wees waarna 'n verskeidenheid van films omtrent moderne kuns vertoon sal word. Vanaf die sewende week, d.i. 9 April, sal die programme slegs bestaan uit films omtrent moderne kuns. In die reël is 'n Woensdagaandprogram 'n uur lank.

Op 5 Maart word vertoon *The Crowning Glory*, 'n film wat die praal en ongerief van die Middeleeuse kasteel Caerphilli uitbeeld. Hierop volg *Germany-Dada* waarin die geskiedenis van dié anargistiese kunsbeweging uitgebeeld word. Die vierde aflewering van The Splendour Falls is *The Iron Ring* en word op 12 Maart vertoon. Dit handel oor die kasteelketting bestaande uit Rhuddlan, Conway, Beaumaris, Caernarvon en Harlech wat koning Edward die Eerste van Engeland laat oprig het in sy stryd teen Wallis. Na die pouse sal *Interregnum*, 'n film oor George Grosz, en 'n film oor *Paul Klee* vertoon word. Die invloed wat die ontwikkeling van die geweer uitgeoefen het op die bou van kastele word nagegaan in *The Sound of Doom* wat op 19 Maart vertoon word. Na die pouse word *Gertrude Stein: when this you see, remember me* vertoon. Hierdie film, 'n vollengte-film, is gedeeltelik gebaseer op Stein se The autobiography of Alice B. Toklas. Dit beeld o.a. die kreatiewe opbloei in Parys gedurende die begin van die eeu uit. The Splendour Falls word op 26 Maart afgesluit met *Back in Business* wat handel oor die oprigting van (psuedomiddeleeuse) kastele gedurende die negentiende eeu en oor die hedendaagse gebruik van kastele. Dit word gevolg deur 'n heel besondere film oor die Engelse beeldhouer *Henry Moore*. Vanaf 9 April sal films oor o.a. Picasso, Einstein, Matisse, Le Corbusier, Moore en Léger vertoon word. Besonderhede hiervan sal later bekend gemaak word.

KERKSTRAAT 47 CHURCH STREET
TEL. 70588
VIR
DIE NUUTSTE WINTERMODES EN
BYKOMSTIGHEDE VIR 1980
BÅSTAD CLOGS • MANDJIES


# *Folkfees Tref*

FOLKFEES was een van die hoogtepunte van Karnaval 1980.

Alhoewel die program nie heeltemal vlot verloop het nie, oortref die organisasie en akoestiek van vanjaar se aanbieding in die Gat dié van 1979 in die buitelug by verre. **Die konstruksie van die Gat, wat "balkontoeskouers" aanmoedig het, het die enigste daadwerklike gemis laat ontstaan: kontak tussen die kunstenaar en ál sy toeskouers.**

Blacksmith het met hulle musiek wat so maklik verstaanbaar en toeganklik is, die atmosfeer aangehelp.

### FOLKMUSIEK

David Kramer se musiek was 'n belewenis. **Sy Suid-Afrikaanse folkmusiek was baie gepas en was gewild by die toeskouers.**

### OPREGTHEID

Leslie Dowling se ematiewe stem het die dramatiese spanning hoog gehou en alhoewel Willem Möller miskien ongevraag ernstig was, het sy opregtheid die gehoor oortuig.

Folkfees is inderdaad 'n instelling op Stellenbosch wat nie verlore mag gaan nie!

**LINDA JACOBS**


Cobwebs
Juweliersware
Liebermann breekware
Mandjies
Afdrukke van tonele in die omgewing
Skulpe, kuriositeite, kerf- en kralewerk
Vinotique: Wynvate en Geelhout wynrakke

# PROFIEL VAN 'N JONG DIGTER

*Park: '98 – 09 – 16: 19h47*

*langs geometries gestruktureerde rye*
*kunsmatig bestuifde blomme*
*waaroor geprogrammeerde aluminiumbye*
*deur radiobeheer elektries hommel*
*sit 'n kompertoegewese paartjie*
*en soek na sterre tussen ruimterommel.*

ELKE nou en dan vorm die lewe self 'n ander soort mens, 'n digter, 'n waarnemer van wêrelde wat uiters onsensitief en koud is, 'n mens wat woorde vorm om sy gevoelvolle, onvaste siening van hierdie wêrelde weer te gee. Hier in Stellenbosch het ons so 'n digter – Willie van der Merwe.

Willie, 'n plaasseun van Suid-Transvaal, begin van vroeg af homself as deel van die natuur ervaar – 'n natuurelement tussen ander. In sy eensame waarneming van die veld word die grond van sy digterskap gelê. Op die ouerdom van ongeveer tien skryf hy as plaas- en veldmens sy eerste gedig. Kort hierna sou die tweede element van sy digterskap begin ontwikkel – hy begin die stad ervaar. Hy verstedelik as't ware van natuurkind tot stadsmens – 'n spanning wat voortaan deur sy werk sou loop. Enersyds is daar die plaas, die natuur, die veld met al sy bekoring, maar andersyds die stad met al sy ingewikkeldheid, die uitdrukking van die moontlikhede van die mens.

Gedurende sy matriekjaar ontmoet hy 'n onderwyseres wat sy moontlikhede as digter raaksien en hom met persoonlike aandag en belangstelling aanmoedig. Na skool kom hy in 1976 Stellenbosch toe om B.A. (Admissie) te kom studeer met o.a. Afrikaans-Nederlands en Filosofie as vakke. Op Stellenbosch kom hy in aanraking met prof. W.E.G. Louw, wat die grootste invloed op sy digterskap uitoefen. Hy begin homself beleef as kunstenaar; skryf word meer 'n uitlaatklep van sy gevoelens – skryf word 'n roeping: hy word 'n bedienaar van die Woord en die woord.

Wat sy digmetode betref, draai Willie homself bewustelik skuins op die agterkant van die alledaagse lewe. Hy is op soek na 'n ander perspektief. Hy wil sy ervarings onmiddellik met die woord verbind. Hierdeur stel hy hom bloot, want hy moet doelbewus so sensitief as moontlik leef en voel dikwels "soos 'n eier sonder 'n dop". Daarom ervaar hy digterskap as 'n pynlike worsteling, as 'n veeleisende dissipline.

Die geheim van 'n gedig is volgens hom geleë in die energie wat die digter in hom laai en daarvoor is daar twee metodes: die energielading word verhoog deurdat die digter so veel as moontlik van sy eie energie daarin laai, sy eie sweet in die soek na woorde en in die formulering van gedagtes; tweedens deurdat die skielike genade, die inspirasie, nie dadelik uitgelaat word nie, maar tot die laaste oomblik gevange bly. Eers wanneer dit voel asof die energie wil ontplof binne kan die woorde neergeskryf en reggeskaaf word.

Uiteindelik bestaan daar 'n paradoks. Daar is die digter se voortdurende twyfel oor alles, sy onsekerheid van homself, sy gevoelens van minderwaardigheid. Hy moet hom voortdurend sensitief hou, dikwels onder die onbedagsames wat sy sensitiwiteit nie begryp nie, ly. Dit is die skemerkant van die digter se sukses. Maar andersyds is daar ook die blink kant, die belewing van wonderwerke, die genade wat inbreek binne die daaglikse sloergang.

***aandblom***

*aandblom het haar knop*
*in my keel kom maak*
*en mors bitter nektar*
*oor my wange*
*sawens as sy öopbloei*
*in 'n pers verlange*





Vir Willie van der Merwe moet sy gedigte verstaanbaar wees vir die gewone mens. 'n Gedig moet konkreet en eenvoudig wees alhoewel nie te eenvoudig of te duister nie. Sy leser moet voel dat iets in hom gebeur, dat daar in die gedig gesê word wat hy self nie gesê kan kry nie. Hy moet "warm patat" speel. Willie strewe dus om verwagting in sy gedigte op te bou. Die leser moet die klimaks soek deur rond te draai, kouer, louer en warmer te word. Elke keer wat hy die gedig lees moet hy die speletjie deurspeel totdat hy die warm patat kry. Willie werk met bekende goed en gebruik beelde uit die gewone, alledaagse en natuurlike lewe.

Willie het verlede jaar honneurs in Filosofie verwerf. Vanjaar sit hy sy studies voort met sy M.A. in Filosofie. Hy is ook besig met B. Th I.



WILLIE VAN DER MERWE

MARK SATER

# Goedkoop Kaartjies


## H.B. THOM-TEATERKAARTJIES

In teenstelling met vorige jare sal geen kaartjies meer per vertoning aan lede gestuur word nie. Reeksinskrywers sal van 'n nuwe TEATERKAARTJIE voorsien word waarop die datums en sitplekke van die houers vir elke opvoering verskyn en wat as toegangsbewys sal dien. Ingeval 'n reekskaartjiehouer nie op sy bespreekte aand die vertoning kan bywoon nie, sal hy nog steeds 'n ruilkaartjie kan kry mits dit vroegtydig aangevra word. Hierdie ruilkaartjies word uitsluitlik deur die kantoor van die Sekretaris, Kamer 14, Dept. van Drama uitgereik en saam daarmee moet die Teaterkaartjies voorgelê word.

### GEEN PRYSVERHOGING VIR REEKSKAARTJIES!

**Die organiseerders van die Reekskaartjie-skema van die H.B. Thom het agt vertonings in die program ingesluit en dit sonder om die prys te verhoog. In der waarheid het die prys per opvoering vir die reekskaartjiehouer van R2 – na R1,87 gedaal. Hier is 'n aanbod wat geen teaterliefhebber van die hand kan wys nie: 'n Reekskaartjie vir AGT vertonings vir net R15.**

**STUDENTE kan hul reekskaartjie vir slegs R10 koop.**



*WILLY is a well-known figure in the German world of theatre. Reinhardt Krätzig, the real man behind Willy is touring South Africa at the moment.*

*At short notice he decided to give a performance at the Libertas Theatre in Stellenbosch. He will also perform in Space Theatre in Cape Town.*

*Reinhardt is 28 years old and qualified in physical education at the "Freie Universität, Berlin", where he, at present, is running a theatre and dance studio together with other artists.* There he teaches modern dances, improvisation and clowning; he is also leading a semi-professional clowns group.

*Five years ago he started his career in dancing and miming – his pieces thus contain separate elements of dancing, miming and a high degree of body control and timing. The show mainly consists of four acts, lasting from fifteen to twenty minutes each.*

*For each act he uses different means, like speech, miming, music, lights and sounds.* In each act he plays the role of a different clown-character. One act is pure fantasy, consisting of a play with things and body; for the rest he critically watches the problems of everyday life.

*Although these items are for adults, they are still light, full of fun and highly entertaining.*

# Angles 1980

ANGLES invites all students of English to participate informally in discussions about literature, art and culture. Social gatherings, in the form of musical evenings poetry reading and amateur theatre stimulate students to think critically and creatively about their studies. Talks about relevant topics provide closer contact between lecturers, visiting speakers and students. One of the aims of the society this year will be to establish closer links with English students at the University of Cape Town and the University of the Western Cape. Whenever possible, trips to plays and musicals in Cape Town will be arranged. We hope that this will provide more students with a broader background to and greater appreciation of English.

### FIRST SEMESTER

For the first semester of 1980 we have planned talks on controversial subjects such as violence and absurdity in modern literature. Students are encouraged to participate in a musical and poetry reading evening to be held next term. The films, Huckleberry Finn, Women in Love and Hamlet are being ordered. Transport to various theatres in Cape Town and the surrounding areas of Stellenbosch has been arranged. If there is enough interest, a study group, in which students will have the opportunity of discussing literature of their own choice, may be initiated this year. We intend presenting a programme which will cater for everyone's taste.

### WATCH NOTICE BOARD

Anyone interested in joining Angles this year is most welcome. A small membership fee will be charged. Watch the English Society notice board for further information.

# kuns - kalender

### KONSERVATORIUM

**29 Februarie:** Orreluitvoering-Wim Viljoen (20h15).
**2 Maart:** Die Marcussen-Orrel. 'n Uitvoering-lesing deur Boudewijn Scholten (20h15).

### H.B. THOM-TEATER

**Maart 11, 13, 14, 15:** "The Shadow Box" – M. Christofer (Pullitzerprys 1977)
**Maart 20, 21, 22:** "How the Other Half Loves" – Alan Ayckbourn.
**April 11, 12, 17, 18:** "Stemme" – Susan Griffiths, en "Dameshandwerk" – J.C. Danaud.
**April 22, 24, 25, 26:** "Donkerwerk, Kronkelwerk" – Peter Shaffer, en "El Grande de Coca Cola".

### OUDE LIBERTAS-AMFITEATER

**tot 29 Februarie:** Musiek en liriek (20h15).
**5 Maart:** Mitsuko Uchida – klavier (2015).
**7, 8 Maart:** Baragwanath-hospitaalkoor (20h15).
**19 Maart:** Folk a la Beethoven (20h15).

### BAXTER-TEATER

**tot 8 Maart:** "Waiting for Godot" – Samuel Beckett (20h00).
**van 11 Maart:** "The Island" – Fugard/Kani/Ntshona (20h00).

### BAXTER-KONSERTSAAL

**tot 7 Maart:** "Separate Development" (20h00).
**8 Maart:** I Musicanti (20h00).

### BAXTER-STUDIO

**tot 8 Maart:** "The Lover"/"The Dumb Waiter" – Harold Pinter (20h00).

### KUNSUITSTALLINGS U.S. KUNSMUSEUM

**3 Maart tot 5 April:** Berenice Michelow-skilderye en sifdrukke.


*Overseas artist*
**Willy**
*performs his modern*
*clowns and mime*
*show.*
*Friday & Saturday, 7 & 8 March at 8.15 p.m. at the*
LIBERTAS THEATRE
**Students: R1,50**
**Adults: R2,00**



**HEIDI BLOEMISTE**
Van die grootste tot die kleinste rangskikkings vir alle geleenthede een skouerruiker van Heidi
Telaflora Bloemiste – bestellings dwars- deur die land en oorsee
Alpha-Arkade/Arcade · Birdstraat/Street
7600 STELLENBOSCH
Tel. 7-2692



*"Long John" Burkes (2de van regs) was die inspirasie van die afgelope Karnaval, waar hy bygedra het om "mal te gaan" saam met die Maties.*

# CRAVEN TEN GUNSTE VAN VERANDERING IN SPORT

SUID-AFRIKA se Rugbybaas, Maties se Dr. Danie Craven, het op Dinsdag, 19 Februarie 'n SAAK-vergadering toegespreek oor die status wat Suid-Afrika beklee in die Internasionale sportarena.

Die klem het in die jongste tyd sterk geval op veranderings wat gemaak word en nog ten uitvoer gebring moet word ten einde weg te beweeg van diskriminasie op sportgebied. Dr. Craven is sterk ten gunste van sulke veranderings, maar behalwe vir diegene wat ten gunste is daarvan, is daar ook diegene wat neutraal daarteenoor staan, sowel as mense wat heeltemal teen verandering gekant is. Dit is hierdie laaste groepie mense wat volgens Dr. Craven die meeste slae in die verlede uitgedeel het. Hy het verwys na die Kleurlinge se stemreg wat afgeneem is, maar voorsien dat hulle dit in die toekoms sal terugkry omdat die geskiedenis hom geleer het dat niks van iemand weggevat kan word sonder dat hy dit later terugkry nie.

Dr. Craven het vertel van die Maori's se reaksie in 1965 na die Loskopdamtoespraak. Hulle was teenoor hom, wat op daardie stadium in Nieu – Zeeland was, baie simpatiek, omdat hulle wis dat dit nie hy was wat vir genoemde uitlatings verantwoordelik was nie. Hy het egter daarna namens die Maori's aan die betrokke minister gevra waarom hulle Suid-Afrika nie mag binnekom nie, terwyl hulle ook saam met Suid-Afrikaners in die tweede Wêreldoorlog geveg het. Hierop kon die minister Dr. Craven net 'n afjak as antwoord gee.

**Dr. Craven het egter gesê dat daar nou gewerk word in die rigting van die opheffing van alle diskrimenerende maatreëls in sport, maar hy het dit sterk beklemtoon dat Gekleurdes hulle plekke in spanne sal moet verdien.** Dit sal nie aan hulle gegee word nie, aangesien dit op diskriminasie teen Blankes sal neerkom. 'n Moontlike toekomsprobleem is volgens hom die feit dat die Bruin jeugdiges sterk gekant is teen samewerking met Blankes, maar hy reken dat dit nog nie te laat is om te werk aan die opheffing van genoemde maatreëls nie.

Dr. Craven het dit sterk beklemtoon dat hy nie 'n voorstander is van verandering omdat buitelandse instansies hom daartoe noodsaak nie, maar omdat hy glo dat reg moet geskied. Hy was gevolglik nie spyt toe die Britse krieketspeler, Basil D'Oliviera, saam met die Jeepskommissie gekom het soos hy dit gestel het, "'n oordeel oor Suid-Afrika uit te spreek" nie. Volgens Dr. Craven is dit niks minder as reg dat hierdie selfde man, wat meer as 'n dekade gelede onder dawerende applous in Bloemfontein verbied is om in Suid-Afrika te kom krieket speel, nou 'n kans kry om Suid-Afrika terug te slaan nie. Hy glo egter dat D'Oliviera positief sal wees in sy uitspraak aangesien hy baie beïndruk was met die feit dat daar 'n Kleurlingspan aan die volgende Cravenweek gaan deelneem.

# KERNWAPENS KEER WÊRELD-OORLOG

KERNWAPENS speel 'n groot rol in die internasionale politiek, het prof. Jack Spence, Staatsleerdosent aan die Universiteit van Leicester in Engeland, gesê. Hy het opgetree by 'n byeenkoms van die Instituut vir Internasionale aangeleenthede. Prof. Spence, wat in Suid-Afrika gebore is, spits hom veral toe op 'n akademiese beskouing van Suid-Afrika.

In sy toespraak het hy gewys op die veranderings wat kernwapens in die verhoudings tussen state meegebring het. **Volgens hom sal 'n volskaalse oorlog, wat die gebruik van kernwapens insluit, totale uitwissing van state meebring.**

Kernwapens sal nie gebruik word om aan te val nie, maar moontlik wel as vergeldingsmaatreël. State sal hul uiterste bes doen om 'n kernoorlog af te weer, het prof. Spence gesê.

### BEPERKTE OORLOG

Daar bestaan 'n beperkte oorlog tussen die VSA en Rusland; konflik tussen die moondhede vind indirek plaas in gebiede soos Korea, Viëtnam en die Midde-Ooste. Beide die VSA en die USSR sorg dat een staat se oorwinning nie die ander oorweldig nie.

**Prof. Spence het aangevoer dat 'n kernoorlog moontlik afgeweer kan word deur doeltreffende wapenbeheer.** Reeds in die vroeë sestigerjare is 'n ooreenkoms tussen die kernmoondhede gesluit om die uitbreiding van hierdie tegnologie te beperk. Die vrees dat een land voor die ander 'n tegnologiese deurbraak sal maak, kan die gevolg hê dat hierdie ooreenkomste nutteloos word.

### KERNWAPENS AAN ALMAL

Sommige wetenskaplikes meen dat kernwapens aan alle state gegee moet word. Dit behoort, soos in die geval van die VSA en Rusland, die konflik tussen die state te beperk. **Prof Spence het gesê dat 'n konflik soos dié in Suid-Afrika deur die dreigement van kernwapens beperk kan word.** Dit kan egter 'n gevaarlike situasie skep as Suid-Afrika nie oor die middels beskik om hierdie atoomwapens te beskerm nie.

### ONSEKERHEID VOORDELIG

Volgens prof. Spence sal Suid-Afrika dwaas wees om 'n kernsperverdrag met 'n ander staat aan te gaan sonder om iets, soos die aankoop van konvensionele wapens of die erkenning van Transkei se onafhanklikheid, in ruil daarvoor te verkry.

# SR steun Bell te midde van oproermakers

**MAANDAGAAND se SR vergadering was een van die stormagtigstes wat Stellenbosch in 'n lang tyd beleef het. Die raadsaal was stampvol en sommige toeskouers moes op die vensterbank en vloer sit, terwyl ander op stoele moes staan om te sien wat aangaan. 'n Groef luidrugtige betogers het die vergadering probeer ontwrig met uitroepe soos "Bell jou klok het gelui". Die gespanne atmosfeer het 'n breekpunt bereik toe mnr. Frans Roelofse die vergadering verlaat het en gedreig het om te bedank.**

Mnr. Deon de Kock, die tesourier, het 'n mosie voorgestel waarvolgens die kommissie van ondersoek na oorbesteding aan Die Matie, ontbind word en dat die aangeleentheid na die Studentehof verwys word. In sy motivering het hy gesê dat die kommissie nie meer die nodige objektiwiteit kan hê nie. Hy het gesê dat hyself van toesmeerdery beskuldig is en dat blindelings genoem is dat bedrae van tot R6 400 betrokke sou wees.

Mnr. Frans Rautenbach, 'n lid van die kommissie van ondersoek, het die mosie gesekondeer. Hy het 'n objektiewe ondersoek gevra, omdat die SR sekerheid wil verkry. Mnr. Nick Koornhof, nog 'n lid van die kommissie, het hom uitgespreek teen die mosie en gevra dat die status quo gehandhaaf word. Hy het gesê dat R3 700 in die vorige SR-termyn volgens die interne ouditeur van die universiteit aan Die Matie oorbestee is. Hy het gesê dat die kommissie 'n deurtastende ondersoek gedoen het en reeds vertroud is met die stand van sake. Hy het gevra dat die kommissie 'n kans gegun moet word om hulle objektiwiteit te bewys en 'n verslag aan die SR moet voorlê. As die SR dan nie daarmee tevrede is nie, kan daar geappelleer word na die Studentehof.

Die mosie is tot stemming gebring en aanvaar. Die kommissie van ondersoek is ontbind en mnr. Koornhof moet nou die aangeleentheid aan die Studentehof voorlê.

Die bespreking van die volgende mosie was by tye nog meer stormagtig. Die voorsitter, mnr. Hilgard Bell, moes by tye ingryp om te verseker dat die lede hulle by die mosie bepaal. Mnr. Frans Rautenbach het die mosie voorgestel: Dit was in hierdie trant: 1) Dat die Studenteraad hom op morele gronde uitspreek teen rassediskriminasie; 2) Dat die Studenteraad, soos verskeie akademici en lede van die Nasionale Party die NP se konsepgrondwet vir Suid-Afrika as onwerkbaar beskou; 3) Dat die SR bewus is van sy beperkinge om, as studente, politieke invloed uit te oefen, maar dat hy hom nie tot geweld en betogings sal wend nie, al lyk dit soms na die enigste metode om invloed uit te oefen en 4) Dat die SR nie studentepolitiek as verhewe bo partypolitiek beskou nie.

In die motivering van sy mosie het hy gesê dat niemand probleme behoort te hê met die eerste punt van die mosie nie. Wat punt 2 betref, het hy daarop gewys dat die konsepgrondwet steeds voorsiening daarvan maak dat die blanke deur middel van die kieskollege wat die Staatspresident sal verkies en oor die Kabinetsraad beheer sal kan uitoefen. Oor die derde punt het mnr. Rautenbach gesê dat niemand daarmee probleme behoort te hê dat die SR nie sal gebruik maak van geweld en betogings nie.

Mnr. Nick Koornhof het in sy bespreking van die mosie gesê dat deur die noem van die Nasionale Party in punt 2, die SR weer eens betrokke raak in partypolitiek. Op die ou end is 'n amendement voorgestel deur mnr. Renier Koegelenberg, waarvolgens die woorde "lede van die Nasionale Party" verander word na: "verskeie politici, o.a. lede van die Nasionale Party". Mnr. Frans Roelofse se hewigste kritiek was gerig teen punt 3 van die mosie. Hy het gesê dat hierdie punt in sommige kringe opgeneem sal word as sou die SR geweld en betogings goedkeur, al sal hy dit nie self aanwend nie. Hy het gesê dat hy hom nie sterk genoeg hierteen kan uitspreek nie en dat as dit aanvaar word, hy as ondervoorsitter sal bedank. Hy het daarop die raadsaal verlaat.

Mnr. Piet Naudé het probeer om mnr. Roelofse te keer, aangesien hy 'n amendement wou voorstel. Nadat mnr. Roelofse toe die vergadering verlaat het, het hy voorgestel dat die SR hom in punt drie uitspreek teen alle gebruik van geweld en betogings. Die voorsteller van die mosie en die twee sekondante het die amendement aanvaar. Die mosie is daarop deur die SR aanvaar. Mnr. Visagie en Koornhof het teennotulerings gevra.



*Simonsberg se "Met" bly steeds een van die hoogtepunte in enige Simonsberger se bestaan op Stellenbosch. Diegene wat nie deelneem nie ly self daaronder. Gaan mal – dis "Met".*







STELLENPINE

KERKSTRAAT
STELLENBOSCH
TEL: 4337

*STELLENBOSCH SE ENIGSTE DENNEMEUBEL-AFSLAGWINKEL*

# Wits could take up contact with U.S.

WITS is the biggest student community in South Africa and as such has always taken an active lead in student politics. Last year their SRC terminated all contact with Stellenbosch, following the banning of Wits Student no. 10. If the Stellenbosch SRC wants to achieve its objectives of successful inter-university contact, it will have to re-establish contact with Wits. Die Matie interviewed the Wits SRC President, Norman Manoim, in this regard.

**What is your general viewpoint regarding contact and co-operation with Afrikaans campusses?**

Contact just for contact's sake is fruitless. If student leaders get together they have to discuss specific issues. The purpose of contact is to discuss grassroot problems.

**Wits Student no. 10 was banned in May last year as the direct result of complaints made by certain members of the Stellenbosch SRC – does this issue still pose any difficulty to contact and co-operation between these two SRC's?**

Last year's Wits SRC decided to cut all ties with the Stellenbosch SRC. Wits took strong exception to the action of these members of last year's Stellenbosch SRC. One must have confidence in contacting other SRC's and the banning caused a breach of confidence. Stellenbosch has always had a tradition of independent thought which was respected by the English universities. The Stellenbosch SRC should actually make overtures to Wits as it did to the SRC of UCT, if it wants to resume contact with us.

**Our SRC declared that it is willing to discuss all aspects of our society with an obsolute open mind. Do you see this as a significant change of attitude from that of last year's SRC?**

It seems as if Stellenbosch policy this year is concerned with dialogue. I see some encouraging signs in the new SRC. We must however discuss fairly crucial points. The Stellenbosch SRC should allow a NUSAS-society to operate freely on its campus, so that all viewpoints can be heard. This could play an important role in re-establishing contact.

**Our SRC also adopted a resolution in which it declared "the extreme necessity of contact as an instrument for the achievement of unity among South African students, because we will be mutually responsible for the future of South Africa." Do you think this unity can be achieved?**

At present I don't really think so. Certain students are mere apprentices for the ruling group and I can't see how the oppressed Black students can co-operate with them. Their real leaders are almost all banned. The suppression of black students is incredible. An umbrella organization can also be dangerous, because the government watches all multi-racial meetings with a wary eye.

Blacks left NUSAS because they felt that the privileged White students couldn't speak for them. This still applies. The right-wing campusses just don't see the issues. That is one of the reasons why the annual SRC-conferences have failed.

**Might a semi-formal structure, which would serve as a place of deliberation where the relatively isolated student leaders could meet and get to know each others viewpoints, be a practical proposition?**

MIGHT WORK

It might possibly – a lot depends on the structure itself. On specific issues it might work. There should however be some common ground. I am not saying that everybody should have the same point of view. Informal discussions with Stellenbosch might be useful.

**Die Matie het gedurende die Desember-vakansie gesels met die SR-voorsitters van sommige van die ander universiteite in Suid-Afrika. Op hierdie bladsy verskyn twee berigte wat die sienswyses van ander kampusse jeens Stellenbosch weerspieël.**



*Anene Human, Stellenbosch se nuwe Mej. Matieland.*
Foto: Bernard Jordaan, Rapport

# RAU-KONTAK MET MATIES 'N MOET

"SKAKELING met ander universiteite is die eerste prioriteit van RAU se Studenteraad," is die boodskap wat Die Matie van Cobus Bekker, RAU se SR-voorsitter, gekry het. RAU se SR het dit ook as doelwit gestel om 'n "akademies-gefundeerde" politieke standpunt in te neem.

"Die feit dat die Stellenbosse gedagte anders is as dié van RAU, behoort geen effek te hê op die mate van samewerking tussen die twee kampusse nie," het mnr. Bekker gesê. Indien die situasie hom egter sou voordoen (wat slegs 'n vae moontlikheid is) dat Stellenbosch met die Engelse universiteite sou saamspan teen die ander Afrikaanse kampusse ten opsigte van beginselsake, kan dit verhoudinge vertroebel, het hy gewaarsku. Vir die huidige en voorsienbare omstandighede kan enige kampus redelik ver gaan voordat hy onaanvaarbaar sou wees. RAU se SR wil graag met kampusse wat heeltemal ander idees huldig, skakel. Skakeling tussen Studenterade gaan oor meer as waar jou sentimente geleë is – dit gaan onder andere oor die ontwikkeling van portefeuljes en studentebetrokkenheid, aldus mnr. Bekker.

Hy glo nie dat Stellenbosch se verwerping van heraffiliasie by die ASB samewerking en kontak tussen die twee studenterade sal belemmer nie. Hy het egter bedenkinge oor die wyse waarop die heraffiliasie-referendum gehou is. Volgens hom behoort 'n mens die vraag: "Voel u tuis in die ASB?" aan die studente te stel. Dit sal 'n meer korrekte sienswyse gee omdat dit oor die beginsel gaan waarvoor die ASB staan, en die foute met betrekking tot die struktuur nie in die gedrang sal kom nie, voel mnr. Bekker.

Die omstrede besluit van verlede jaar se ASB-kongres om ook studente van die Universiteit van Wes-Kaapland as lede toe te laat, is nog nie deur die huidige RAU-SR bespreek nie. Mnr. Bekker se persoonlike oortuiging is dat die hele aangeleentheid volgens die ASB se grondwet benader moet word, waarvolgens dit 'n eksklusiewe Afrikaner-organisasie is. Afrikanerstudente moet nie hulle politieke bydrae in 'n kongressituasie probeer formuleer nie, omdat dit maklik tot emosionele besluitneming aanleiding gee. Dié omstrede kongresbesluit is 'n voorbeeld hiervan. Toe die kongresgangers volgens mnr. Bekker op hulle eie kampusse rasioneel oor die besluit besin het, kon hulle hulself nie met die emosionele uitspraak vereenselwig nie. Hy glo nie dat die ASB-besluit om 'n tak op UWK te stig geïmplimenteer sal word nie en beskou die besluit as 'n jammerlike gebeurtenis.

Wat hulle buurkampus, Wits, betref, bestaan daar op die oomblik die minimum kontak. Volgens mnr. Bekker is dit nog só vroeg in hulle termyn dat hulle tot dusver baie min geleenthede gehad het vir die uitbreiding van kontak met Wits se SR.

Hy beskou 'n nuwe sambreël-organisasie vir alle Suid-Afrikaanse studente as die ideaal waarna almal behoort te streef. Hy dink egter nie dat dit 'n bereikbare ideaal is nie, omdat aparte studentegroepe almal verskillende verwysingsraamwerke het. So 'n organisasie sal 'n klug wees as swart studente nie daaraan deel het nie. Hy is in elk geval teen 'n organisasie wat namens alle studente besluite sal kan neem. 'n Forum vir politieke beraadslaging is egter iets heeltemal anders en behoort suksesvol te wees. Informele skakeling met alle studentegroepe beskou hy as 'n moontlikheid en sy Studenteraad heg dan ook 'n hoë prioriteit daaraan.

Mnr. Bekker glo dat daar 'n groot verskil is tussen die rolle wat die onderskeie Studenterade van Stellenbosch en RAU te speel het. Op RAU word daar nog gebou aan 'n tradisie, terwyl Stellenbosch slegs syne in stand hoef te hou. Omdat die ontwikkelling van 'n eie gees en tradisie 'n hoë prioriteit van die RAU-SR is, speel dit 'n groter rol as politiek, het mnr. Bekker aan Die Matie gesê.

# *UITTEKENSTELSEL: IS DIT 'N VERBETERING?*

DIE Huiskomitees van dameskoshuise aan die P.U. het 'n nuwe uittekenstelsel voorgestel, berig die Wapad. Die huidige stelsel word as ondoeltreffend beskou.

Ingevolge die nuwe stelsel sal eerstejaars teen 19h30 in moet wees. Weens akademiese uitslae en onverantwoordelikheid moet hulle vanaf 19h30 tot 21h00 studeer. Hulle sal ook net twee laat-aande per semester hê.

ONVERANTWOORDELIK

Tweedejaars is nog nie volwaardige seniors nie en kan dus nie seniorvoorregte geniet nie. Na eerstejaarsgebondenheid kan tweedejaars nie summier losgelaat word nie, omdat onverantwoordelikheid steeds 'n probleem by hierdie jaargroep bly. Tweedejaars sal dus twee laataande per maand hê. Die ander reëls ten opsigte van hierdie jaargroep bly dieselfde.

Seniors (derde- en vierdejaars) het elke aand 'n laat-aand, maar moet vanaf 19h30 uitteken ter wille van kontrole. Die seniors se verantwoordelikheidsin behoort so ontwikkel te wees dat hulle nie van hierdie vryheid misbruik sal maak nie.

SENIORS

Seniors mag elke weeksaand vir 'n driekwartier vanaf 20h00 uitteken om na die kafeteria te gaan. Eerstejaars mag vanaf 21h00 uitteken. Vir sport by die studentesentrum kan onbeperk uitgeteken word. Die sportsoort moet egter aangedui word.

Maandag sal 'n algemene laat-aand tot 22h00 wees vir alle seniors. Daar bestaan wel sprake dat hierdie tyd vervroeg sal word.

Alles in ag genome, wonder 'n mens of ons Matie-dames werklik rede het om te kla.


DIE BESTE BULVAN 'N BURGER OP DIE KAMPUS IS BY KENTUCKY, STELLENBOSCH



Vars gebakte broodjies gegeur met heerlike sesam-saad.

Vars gekapte uie maak jou Burger nog lekkerder.

Dun skyfies ingelegde komkommer vir daardie ekstra geur.

Skywe van die sappigste tamaties maak 'n Burger om van te droom.

'n Groot porsie bros, vars slaai.

Jy verkies jou Burger met kaas? Dis die geurigste, heerlikste cheddar.

Eenhonderd persent suiwer beesvleis-frikkadel, vinnig gerooster om sappig geurig te bly.

Die Kolonel se spesiale sous. 'n Verloklike geur wat jou mond laat water.

Kolonel Sanders se resep

Colonel Burger®

"Dis vingerlek-lekker"®

**Kry jou Colonel Burger nou by jou Kentucky Fried Chicken-winkel, Trust Bank-sentrum, H/v. Andringa- en Beyerstraat, Stellenbosch.**

Goodgoll, Said Campbell-Ewald 5294M




ON-THE-SPOT

DROOGSKOONMAKERS

H/v Andringa- en Kerkstraat

20% AFSLAG VIR US SE MENSE

Probeer ons Selfdien Muntstuk-Wassery



# Die Buro se deure staan altyd oop

**VIR baie van die Stellenbosse studente beteken "Studentevoorligtingsburo" 'n klomp aanlegtoetse wat aan die begin van die eerste jaar afgelê moet word, en verder 'n gebou in Victoriastraat waar hulle vir 'n mens sê watter kursus om te volg. Dit is eers na 'n geselsie met die baie vriendelike en behulpsame mnr. Ernst Conradie, direkteur van die Buro, dat eintlik besef word wat die Buro alles aan die student bied.**

Wat mnr. Conradie reg aan die begin beklemtoon, is dat die Buro nie daarop aanspraak maak om die regte antwoord op probleme klaar uitgeknip te hê nie. Hulle weet egter waar en deur watter middele die moontlike oplossing gesoek behoort te word. Die Buro bied 'n **volledige voorligtingsielkundige diens.** Dit verskil van die klinies-sielkundige diens wat deur die Studentegesondheidsdiens aangebied word in die sin dat die SGD se hulp meer terapeuties is. Die Buro lê hom dus toe op voorkomende sielkunde. Die voorligting word bedoel vir normale studente wat met 'n probleem gekonfronteer word waarvan hulle nie seker is hoe om dit op te los nie. 'n Opname wat onder die eerstejaars gedoen is wat van die Buro se dienste gebruik gemaak het, het getoon dat die dienste beslis nie vir die swakker studente gereserveer word nie.

Die mees algemene diens wat die Buro lewer, is natuurlik **vak- of beroepsvoorligting.** Dit word gewoonlik gedoen na aanleiding van aanlegtoetse wat afgelê word. Die moontlikhede wat binne die student se belangstellings-, aanlegs- en intellektuele veld lê, word dan met hom of haar bespreek. Die verantwoordelikheid en keuse van besluitneming lê egter nog altyd by die student. Om die student hiermee te help, beskik die Buro oor 'n loopbaanbiblioteek waar die studente inligting kan kry oor beroepe.

**Akademiese voorligting** is nog 'n veld van die Buro se aktiwiteite. Dit is daarop gemik om die student te help om die meeste van sy opvoedkundige geleenthede te maak. Die sluit ook die verbetering van lees- en studiemetodes in en miskien die diagnosering van fisiese gebreke wat die student se vooruitgang dwarsboom.



MNR. CONRADIE

**PROBLEME**

Wanneer 'n student op universiteit aanland ondervind hy dikwels **aanpassings-, verhoudings- en ander persoonlike probleme.** Dit kan daartoe lei dat hy sy selfvertroue verloor en dit het 'n nadelige invloed op sy studies. Om studente met sulke probleme te help, doen die Buro ook persoonlike voorligting.

**KURSUSSE**

Baie studente het al baat gevind by die **leerkursus wat die Buro aanbied.** Vele studente het nog nooit 'n werklik effektiewe leesmetode ontwikkel nie. Die Buro se leeskursus is daarop gemik om die student se leestegniek en leesbegrip te verbeter. Ook vir studente met studieprobleme word **studiekursusse** in die vorm van groepbesprekings aangebied.

Die deure van die Buro staan oop vir elke student, dit maak nie saak hoe klein die probleem is nie. By die Buro kan 'n mens gehelp word om die probleem op te los en die pad vorentoe baie makliker te maak.

# *Voorligting se wese*

*DIE kern van die meeste studente se probleme lê gewoonlik in die studeerkamer of voor die lessenaar tussen die boeke. Sommige sukkel om hulself te motiveer, ander kan weer nie konsentreer nie. Dit bly egter 'n voldonge feit dat die sukses wat 'n mens op universiteit behaal afhanklik is van die studiemetode wat gevolg word. Hierin kan die Buro 'n groot en belangrike rol speel deur veral raad en leiding aan onervare studente te verskaf. Studente wat inskryf vir die studie- of leeskursusse kan verseker wees van hoogs professionele hulp. By die goed opgeleide Buro-personeel heers daar 'n lewendige belangstelling in studente-aangeleenthede. Enigeen wat dus 'n probleem het (in watter rigting ook al) kan by die Buro om hulp gaan aanklop. Niemand is nog nooit sondermeer weggewys nie. Alle studente behoort die Buro 'n oase te vind waar 'n mens waardevolle hulp kan verkry.*



**IN 'n onlangse onderhoud met dr. Van Niekerk van die Buro van Studentevoorligting het die volgende interessante feite aan die lig gekom.**

Voorligting op skoolvlak word reeds in standerd sewe begin, alhoewel hier meer klem gelê word op die verskillende vakkeuses wat sal lei tot universiteitskursusse. Hier word dus slegs 'n breë aanduiding van beroepsrigting gegee.

Later, in matriek, word daar ook toetse gedoen en op grond hiervan word dan spesifieke kursusse aan 'n persoon as moontlikhede voorgehou.

Daar word ook toetsing by die militêre akademie en vlootkollege gedoen, maar dit word nie as 'n keuringskriterium gebruik nie. Toetsing is dus nie 'n vorm van keuring wat kan lei tot weiering van 'n persoon se aansoek nie.

Die meeste klem val op belangstellingstoetse, aangesien motivering en belangstelling as die belangrikste faktor beskou kan word. Die voorligtingsbeampte kan 'n persoon slegs van raad bedien, maar hy kan hom glad nie dwing om 'n sekere rigting in te slaan nie.

Op universiteitsvlak word daar ook toetse gedoen, met die oog op vak-, kursus- en beroepskeuses.


Voordat daar aan 'n student vakvoorligting gegee kan word, moet hy eers gehelp word tot by die punt van beroepskeuse. Daarna kan meer spesifiek aandag gegee word aan vakkeuses.

Daar word ook in sommige beroepe sekere vakkombinasies vereis, sodat daar dus 'n mate van gedwongenheid in die vakkeuse ontstaan.

Daar word dus eers gepraat van 'n beroepsrigting en 'n deeglike kennis van die beroepsveld word vereis. Dan moet 'n persoon ook 'n deeglike kennis van homself hê en moet die twee komponente bymekaar gebring word. Dit is dus die taak van die voorligtingsbeampte.

# *Geen probleem is hier te groot nie*

**OM doeltreffend te studeer, moet 'n mens doeltreffend kan lees anders gaan kosbare tyd en geld verlore. Daarom is 'n leeskursus by die Buro vir Studentevoorligting die aangewese ding vir enige student en meer spesifiek vir diegene met leesprobleme.** Sowat 3 000 studente het oor 10 jaar die jaarlikse leeskursus by die Buro gevolg en **mnr. Johann Meyer** vertel dat hulle deur die bank daarby baat gevind het. Dis nie bloot 'n kwessie van lees nie, maar student leer om vinnig, krities en met begrip te lees. Volgens mnr. Meyer lê die verskil tussen die gemiddelde en bogemiddelde student daarin dat eersgenoemde bloot weergee wat hy gelees(r) het, terwyl laasgenoemde terselfdertyd 'n kritiese beskouing daarvan weergee. Die leeskursus is baie lewendig om te volg omdat dit visueel aangebied word en die student sy vordering self kan dophou.



MNR. MEYER

'n Mens wonder of ons besef hoeveel studente probleme in hul omdra. Hoekom drink X so baie? Waarom onttrek Y haar van alle koshuisbedrywighede? Respek vir die Buro het aansienlik gestyg toe mnr. Meyer nie wou uitbrei oor studente met probleme nie, uit vrees dat hy hul vertroue in die Buro sal skok. **'n Student met 'n probleem het 'n behoefte aan hulp en glo dat hy by die Buro gehelp gaan word waar elkeen, met watter probleem ook al, baie welkom is. Die mate van sukses hang af van die student se vertroue in die Buro.** Die Buro is totaal aan die student se kant en wil graag sy taak behartig.

Die Buro vir Studentevoorligting is 'n volledige sielkundige praktyk en psigotiese gevalle word na 'n neuro-kliniek verwys. Die sukses van die Buro kan afgelei word van die groei in personeel, wat bewys hoe deeglik die universiteit bewus is van hul groot diens. Waar met een klein geboutjie en twee personeellede begin is, beset die Buro vandag verskeie geboue en is daar sewe personeellede. Volgens mnr. Meyer is die enigste maatstaf van die Buro se sukses dat studente vir 'n tweede keer om hulp kan aanklop . . . wat dikwels gebeur.

# Leer Weer Lees

DIE belangrikheid van lees as 'n studievaardigheid word dikwels onderskat. By die Buro vir Studentevoorligting word daar egter sterk klem gelê op die leesaspekte van studie.

Een van die groot verskille tussen skool en universiteit is dat die tempo op universiteit akademies gesproke baie vinniger is en die volume baie groter. Daarom sal dit 'n groot bate wees as studente se leesvermoë op universiteit so kan ontwikkel dat hulle nie net in staat is om akademies by te bly nie, maar ook leer om krities-analities te lees.

Dit dui daarop dat die goeie student iemand is wat nie net inhoud kan reproduseer nie, maar ook daardie inhoud krities kan bespreek en evalueer.

Met die totstandkoming van die leeslaboratorium by die Buro in 1967 is probeer om in hierdie behoefte te voorsien. Meer as drieduisend studente het reeds hierdie kursus in leesverbeteringtegnieke gevolg. Die kursus word twee keer per jaar aangebied en duur sewe weke teen twee periodes per week. Periodes word só ingedeel dat studente die periodes in hul vrye periodes kan inpas.

Dit is nie 'n kursus in spoedlees nie, want daar is min waarde daarin om baie vinnig te kan lees en weinig begrip te hê van wat jy lees. In die kursus is begrip dus primêr en spoed sekondêr. Tog is in die afgelope tien jaar gevind dat studente besonder baie verbeter ten opsigte van leesspoed en -begrip.


**HAUM**

*Die student se boekwinkel*

Trustbankgebou
Andringastraat
Stellenbosch
7600

TEL. 4440 2906

Posbus 343

# Harmonie 75-Reünie

# FEESTELIKHEDE INGELUI MET VLEUELKLAVIER



*DIE foto is geneem toe die vleuelklavier by Harmonie afgelewer is. Mnr. Andries Esterhuyse verskyn hier saam met v.l.n.r. mej. Adri Steyn (voorsitster van Harmonie 75-Reünie), mej. Riëtte Ehler (lid van die huiskomitee) en mev. Stephanie Muller (prinsipale). Mej. Willene van der Merwe (primaria) sit op die klavierbankie. Mnr. Esterhuyse sê die dames was letterlik sprakeloos toe die spogklavier die vertrek binnegedra word!*

'n KOSBARE Duitse vleuelklavier is aan die dameskoshuis Harmonie, oudste dameskoshuis op die kampus, bemaak. Harmonie se 75e bestaansjaar word vanjaar gevier.

Die klavier, 'n Höffmann en Kühne, is aan Harmonie nagelaat deur die bekende dr. Anna de Villiers, wat op 2 November verlede jaar in die ouderdom van 78 jaar op Stellenbosch oorlede is. Dr. Anna was 'n oud-inwoner van Harmonie en het altyd 'n sagte plekke in die hart vir haar ou koshuis gehad.

Insgelyks het die Universiteit se adjunk-direkteur van ontwikkeling, mnr. Andries Esterhuise, wat belas is met testamentêre bemakings, bekend gemaak dat wyle dr. De Villiers ook nog ander ruim bemakings aan haar alma mater gedoen het. "Dié besondere geskenk is veral vanjaar gepas aangesien Harmonie se driekwarteeufees binnekort luisterryk gevier gaan word," het mnr. Esterhuise gesê.

### REÜNIE

'n Groot reünie word in die naweek van 28 tot 30 Maart aangebied en 'n uitnodiging is aan alle oud-Harmoniete gerig om dié feestelikheid by te woon. **Adri Steyn is voorsitster van die Feesreëlingskomitee, bekend as Harmonie 75-Reünie, en kan geskakel word om nadere besonderhede.**

Harmonie is in 1905 opgerig en is aanvanklik deur 'n koshuiskomitee beheer. Dit is toentertyd beskryf as "a home for young ladies attending College classes". Dit het toe gestaan onder die "personal superintendence of Miss Smith and staff".

Nie lank na die stigting van die Universiteit van Stellenbosch in 1918 nie, het die raad hom daarvoor beywer dat sy studente in koshuise, deur die U.S. onderhou en beheer, gehuisves word.

### BEPALINGS

Voorheen was die Raad van die Victoria-Kollege tevrede om hom te verlaat op koshuise "wat die reëls deur die kollege vir studente opgestel" gehandhaaf het, of soos dit in 1917 gestel is, "boarding houses observing the rules for students drawn up by the College and school authorities". Hulle is dan deur die Raad erken as voldoende volgens die bepalings "voor die bewaren van de tucht en het bevorderen van de studie".

Harmonie het in 1918 aan hierdie vereistes voldoen en is onder die bestuur van die Universiteitsraad geplaas. (Wilgenhof is in dieselfde jaar ook onder Raadsbestuur geplaas.)

Harmonie huisves tans 147 dames en onder sy inwoners tel talle bekendes, o.m. die huidige Premiersvrou, mev. Elize Botha.

# 'n Kort skeer vervang die Bosvoorkoms




*VROEËR jare was die bosvoorkoms deel van die lewe van elke man, maar 'n kort skeer het dit nou grotendeels vervang. Met 'n goeie skeerroom as smeermiddel vir 'n gladde skeer en 'n opknappende naskeermiddel kan die meeste hedendaagse mans verseker wees van die soort selfvertroue waarvan meisies hou.*

DIT is onwaarskynlik dat 'n man wakker sal word met 'n onweerstaanbare behoefte om te skeer. As 'n mens egter weet hoe om te skeer en watter tegnieke gebruik kan word, kan dit darem heelwat doen om daardie pynlike ervaring vroeg in die môre meer draaglik te maak. Veral eerstejaars wat voor die hardebaard-probleem staan, kan gerus let op dit wat die "skeerbedryf" 'n mens kan bied.

Elektriese skeermesse is die gerieflikste. Die skerm oor die skeermeskop kom altyd tussen die vel en die snywerking van die skeermeslem. Die afstand tussen die lem en die skerm bepaal gevolglik hoe kort jy skeer. Dele van die gesig is makliker om te skeer en is nie so blootgestel aan irritasie soos ander dele nie. Verstelbare skeermesse stel jou in staat om die skerm te lig, of te laat sak, en sodoende by hierdie verskille aan te pas. Die vleklose staal- of hoëkoolstaallemme is soms selfskerpmakend tydens gebruik terwyl ander "vervangbaar" is. By gebruik moet die skeerkop plat teen die gesig gehou word terwyl kort gelykmatige skeerbewegings op en af die voorgestelde metode is. Wanneer klaar geskeer, spoel eers af met warm en dan koue water.

Gewone skeermesse is beskikbaar in 'n groot verskeidenheid wat elke skeerder se sak en baard pas. Daar is die gewone lemmetjies met dubbele snykante, rolbande wat, as dit stomp word, aangerol kan word na 'n vars deel, verbinde lemmetjies wat as 'n geheel vervang word ná verbruik, inskuiflemme wat in en uit gestoot kan word met 'n houer en hefboom en die gewilde dubbellem skeertoestelle wat ook nou met 'n swaaikop beskikbaar is. Koolstaallemmetjies moet afgespoel en afgedroog word om verroesting te voorkom, maar vlekvrye staallemme moet net onder warm lopende water gewas word. Met skeerroom wat die hare laat uitsit, saam met warm water wat die vel klam hou, is 'n bobaas skeer moontlik.

ONS HERSTEL ALLE FABRIKATE
TV
Radio's
Hoëtroustelle
Bandspelers
CONTACT RADIO
Ryneveldstraat 40
Tel. 4383
Stellenbosch

# HERVORMERS IN GEES VAN CHRISTUS: SONN

"SKEI uit met sending na die *kleurling* — word eerder 'n pelgrim van geregtigheid — anders sal verandering ons inhaal en ons meesleur", het mnr. Franklin Sonn, Rektor van die Skiereilandse Technikon in Bellville-Suid, op Karnavalsondag by die Afr. CSV se Christenfees gesê. Hy het bygevoeg dat hy sy geloof in die Afrikanerjeug behou dat hulle hervormers sal wees en nie napraters nie.

Mnr. Sonn het sy rede op Markus 7:5—12 gegrond en veral klem gelê op wat Jesus aan die Farisieërs gesê het: "Julle verstaan die kuns goed om die gebod van God opsy te skuif en julle oorgelewerde gebruike in stand te hou". Die essensie van die wet bestaan in liefde. Liefde staan dikwels lynreg teenoor die mag van die gewoonte. Die gewoonte bied egter aan ons sekuriteit; dit lewer nie krisisse op nie, het mnr. Sonn gesê. Enige hervormende gedagte het die Fariseërs gepla. Enige verandering maak 'n mens bekommerd. Dit bedreig jou invloed. Die Fariseërs het vanuit hulle invloedryke posisie as Skrifinterpreteerders die wet van God aangepas by hulle eie situasie. Sodoende is tradisies gevestig wat die ware gebod van God op die agtergrond geskuif het. Sulke tradisies het die Fariseërs destyds in staat gestel om hulle morele verpligtinge te omseil d.m.v. rasionalisasie.

**Mnr. Sonn het voorts gesê dat die situasie waarin ons leef nooit belangriker as die eise van die wet mag word nie. As ons gemeenskapsdiens doen tot eer van die koninkryk van God, soos dit hoort, dan word ons gekonfronteer met die aard van die Koninkryk. As die toekomstige Koninkryk sal bestaan in reg, geregtigheid en vrede, dan is dit net redelik dat ons *nou* reeds daarvoor sal werk. Ons kan nie een stel reëls vir ons geestelike lewe handhaaf en 'n ander stel reël vir ons politieke lewe nie, het mnr. Sonn gesê. Ons kan nie die nood van ons naaste lenig en die oorsake van hul nood onaangeraak laat bly nie. Ons moet hervormers word in die Gees van Christus. Strukturele oorsake van ellende moet ook verwyder word.**


Ons taak as Christene is om o.a. met rassisme en rassediskriminasie met die Woord van God af te reken, het mnr. Sonn gesê. Ons institusies moet ons Christelike innerlike weerspieël. Dit geld nie net vir wit Christene nie, maar ook vir swart Christene, het mnr. Sonn met nadruk gesê. "Wees vurig vir 'n antwoord groter as kleur. Reik u hand uit in ware Christenbroederskap."

Ten slotte het mnr. Sonn aangesluit by die woorde van D.F. Malan: "Stellenbosch staan vir 'n idee". Hy het die idee voorgestel: "Stel God se gebod éérste en dan tradisies en oorleweringe".

Afgesien van mnr. Sonn se toespraak het die Christenfees bestaan uit bydraes van sanggroepe, 'n toneelgroep uit Houtbaai en 'n bruin jeugkoor, terwyl die samesang deur die (semi-klassieke) bekende St. John's Parish Orchestra van SACLA-faam begelei is. Die hooftema van die fees was: DIE BYBEL EN GEMEENSKAPSDIENS.

**Communism and South Africa**
Prof. D.J. Kotzé
Vertaalde bygewerkte uitgawe van die skrywer se *Kommunisme vandag* (dié boek word nie in Afrikaans herdruk nie).
R11,50

**Afskeid van apartheid**
Opstelle oor rassediskriminasie
W.P. Esterhuyse
Indringende beskouinge oor die bevrydingsproses by baie Afrikaners wat gevangenes van rasse-indoktrinasie en daaruit voortvloeiende rassediskriminasie was en nog is. R5,50




Boekhandel T. WEVER
Andringastr. 12—14 Andringa St. STELLENBOSCH

Wilhelms SPORT
Andringastr. 19
Stellenbosch 7600
Tel. 02231-4794

BESOEK DIE MEKKA VAN SPORTBENODIGDHEDE vir PUIK DIENS om alle belangstellings te bevredig

Die Matie
VRYDAG, 29 FEBRUARIE 1980

# Rome brand terwyl SR viool speel

DIE politieke verskille tussen die twee kampe binne die studenteraad is besig om tot 'n spits gedryf te word. Die storm rondom mnr. Bell se uitlatinge en insinuasies dat Die Matie se finansies nie, in die verlede, na wense geadministreer is nie, is bloot die uiterlike tekens van 'n groot kloof wat tussen die regse en linkse faksie bestaan.

Die linkse faksie, wat hulself gematigdes noem, beskik oor 'n volstrekte meerderheid – daarom ook 'n linkse voorsitter. Die studente massa het hulle so verkies; daaroor kan daar nie veel gestry word nie. Aan die ander kant probeer die regse faksie wat ook aanspraak maak op gematigdheid sy uiterste bes om sy stempel op die SR af te druk.

Hierdie onderlinge vete lei onvermydelik tot persoonlike aanvalle en argumente wat nie by 'n Studenteraad soos dié van Stellenbosch behoort te pas nie. Die werksaamhede van hierdie liggaam kan op dié manier totaal stagneer.

By die verkiesing in Augustus het die kandidate allerhande mooi woordjies aan die massa verkoop – so neutraal as moontlik (in sommige gevalle), sodat almal tevrede gestel kon word. Ver-linkse of ver-regse standpunte is maar min gehoor.

Nou, na die verkiesing, kom veral die linkse faksie en sê dat die studente hulle gekies het omdat hulle links is. Die Matie glo wel dat die studente massa realisties staan teenoor landspolitiek en dat die meerderheid taamlik verlig is in hul politieke siening. Dit is wel nie Die Matie se siening dat die meerderheid ver-linkse standpunte sal ondersteun nie.

Net so glo Die Matie ook nie dat die meerderheid studente 'n konserwatiewe politieke siening aanhang nie – anders sou die regse faksie beheer oor die SR gehad het.

Die ironie van die saak is dat beide faksies binne die Studenteraad onder die term "gematigdes" saamgegroepeer kan word. (Dit is nou ten opsigte van die breë landspolitiek). Soos dit blyk uit mosies wat reeds eenparig deur die SR aanvaar is, is al die lede bereid tot ingrypende veranderinge in die politieke en sosiale opset van ons samelewing. Hoe jammer is dit dat politieke standpunte in Suid-Afrika so uiteenlopend is dat selfs twee pole in die gematigde groep mekaar selfs nie kan vind nie.

Om dus in pas te kom met die werklike standpunt van die studente massa, soos Die Matie dit sien, behoort 'n rigting ingeslaan te word wat tussen die twee faksies lê. Samewerking van beide kante behoort dit nie te moeilik te maak nie.

Suid-Afrika het nog altyd na Stellenbosch opgesien vir positiewe leiding op die politieke gebied. Die politieke veranderinge van die afgelope tyd het 'n unieke teelaarde geskep vir ontwikkeling in dié verband. Selfs 'n verkiesing in Rhodesië, wat van kardinale belang is vir die toekoms van Suidelike-Afrika, kan 'n klomp skoorsoekerige SR-lede nie tot besinning roep nie. Rome brand terwyl die Studenteraad viool speel.

# Ongelukkige situasie

MNR. Hilgard Bell, voorsitter van die Studenteraad, se uitlatings in die pers het reeds heelwat opskuddings veroorsaak. Tweespalt heers binne die Studenteraad nadat vyf lede hul gedistansieer het van mnr. Bell se standpunt. Die res, agt altesaam, blyk mnr. Bell te ondersteun in die storm wat rondom sy kop losgebars het.

Die Matie vind dit uiters ongelukkig dat so 'n situasie 'n kans gegun word om sy kop uit te steek. Dit wil voorkom asof mnr. Bell die slagoffer van die mag van joernalistiek geword het. Die Engelstalige koerant, The Argus, wou mnr. Bell se standpunt oor sekere aangeleenthede toets. Voor die onderhoud was die koerant betreklik seker dat mnr. Bell se sentiment in sy kraal sou pas. Deur middel van vrae wat Swart bewussyn, Nusas, Inkhata, Apartheid en die Konstitusionele bedeling van die Nasionale Party aanraak, het die joernalis hom geforseer om standpunte in te neem wat Stellenbosch se naam in die oë van sommige Afrikaners kon skaad.

Die omstrede onderhoud moet in die regte lig gesien word. Mnr. Bell was verplig om sy siening omtrent die knelvrae duidelik uit te lig. Daar word uit die oog verloor dat hy in elk geval verplig was om negatiewe kritiek te lewer – die vrae het dit vereis. Dit sou tog nie van hom verwag kon word om, teen sy eie beginsels, ander opinies weer te gee, bloot omdat dit meer verteenwoordigend van die algemene studente-massa sou wees nie. Die onderhoud was immers met hom, persoonlik.

Mnr. Bell het verder 'n ooreenkoms met die betrokke joernalis aangegaan dat hy die berig kon kontroleer voordat dit gepubliseer sou word. Hierdie afspraak is nie nagekom nie. Hoewel sy antwoorde moontlik dieselfde strekking sou hê, sou die krasheid daarvan miskien beperk kon word.

Dit is jammer dat mnr. Bell nie in die eerste plek meer verantwoordelik opgetreë het in die beantwoording van die vrae nie. Omsigtigheid en taktvolheid het niemand nog ooit skade aangedoen nie. Die gebrek daaraan kan dikwels oneindige komplikasies meebring.

**REDAKSIE 1980**

HOOFREDAKTEUR: KOBUS PIENAAR, Conçord 24 (tel 73845)(Redaksiekantoor tel nr 5979)
ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR: COENRAAD PIETERSE, Eendrag (tel 2136/7/5)
AKTUELE REDAKTEUR: FRANCOIS VAN DER MERWE, Huis Marais (tel 2234)
ADVERTENSIE BESTUURDER: PIETER VAN NIEKERK, Eendrag (tel 2101)
TAALREDAKTEUR: KOBUS LOUW, Huis Slabber (tel 2100)
KUNSREDAKTEUR: ERIKA VAN ROOYEN, Hoflaan 14 (tel 6330)
NUUSREDAKTEUR: ANTON KRUGER, Jonkershoekweg 29 (tel 3527)
SOSIALE REDAKTEUR: IAN THERON, Silvertrees (tel 2122)
SUB-REDAKTEUR; KUNS: J. DE V. PIENAAR, Huis Visser (tel 2086)
SUB-REDAKTEUR, NUUS: DEON LOUBSER, Stellenbraak
SPOTPRENTTEKENAARS: Thomas Tyler, Koos Botha.
FOTOGRAWE: W. van der Westhuizen, C. Sippel, C. Fouché.
SEKRETARESSE: SANDRA VENTER, Mooi Annie, H/v Bosman en Victoriastr (tel 6523)

# Uit die Studenteraad

DIE Studenteraad het vandeesweek die nuwe jaar en dekade met een van die stormagtigste vergaderings wat die afgelope klompie jare op Stellenbosch gesien is, afgeskop. Vir die groot aantal toehoorders, waaronder talle nuwelinge tot die Universiteit, moes dit besonder leersaam gewees het, om nie eers te praat van vermaaklik nie. Die SR het voorwaar verspot en selfs kleinlik voorgekom.

## ONENIGHEID

Die groot onenigheid het gevloei uit die werksaamhede van 'n kommissie van ondersoek na besteding op Die Matie oor die afgelope aantal termyne. 'n Bedrag van sowat R15 000 moes teen die einde van verlede jaar uitbetaal word vir agterstallige rekeninge met betrekking tot die druk van Die Matie. Dit het natuurlik die begroting van Die Matie vir die huidige termyn buitengewoon belas. Of hierdie voorval die gevolg was van oorbesteding aan die kant van Die Matie of slegs swak rekenkundige kontrole, moet nog finaal uitgemaak word. Op dię oomblik rus die saak in die hande van bogenoemde kommissie en tot tyd en wyl die ondersoek afgehandel is, sou dit onverantwoordelik wees om te bespiegel oor die feitlike meriete daarvan.

Met die gedwonge bedanking van mnr. Hilgard Bell, 'n vorige tesourier en tans voorsitter van die SR, en die gepoogde bedanking van mnr Deon De Kock, huidige tesourier van die Raad. uit die kommissie, is die aanvanklike kommissie van soveel as die helfte van sy oorspronklike lede gestroop. **Onder hierdie omstandighede en in die lig van die uitsprake, beskuldigings en insinuasies van die kant van die twee oorblywende kommissielede, sou dit miskien** beter wees as die hele kommissie bedank. 'n Nuwe en selfs buite-SR-kommissie kan dan aangestel word om hierdie saak deeglik en besadig te ondersoek.

## GELOOFWAARDIGHEID

Intussen is dit miskien goed om die SR daarop te wys dat gedrag van die aard wat op die vergadering gesien is, kwalik hierdie liggaam tot eer strek en selfs minder doen om die geloofwaardigheid van die SR te verhoog. Vertonings, wat persoonlike vetes skyn te wees, hoort eenvoudig nie op vergaderings van hierdie liggaam nie.

Ten afloop van hierdie storm, het die SR nietemin 'n aantal belangwekkende mosies aanvaar. Die Raad onderneem om sterk op te tree teen enige student wat hom skuldig sou gemaak aan wangedrag tydens Karnaval en sou ook die Karnavalkomitee ondersteun in sy pogings om drankmisbruik tydens Karnaval te bekamp. Verder word by die Akademiese-oorlegkomitee aanbeveel dat 'n stelsel waar studente slegs by wyse van nommers tydens eksamens geïdentifiseer word, ondersoek word. Volgens die voorsteller van die mosie is dit nodig aangesien bepaalde Fakulteite bekend is om in sekere gevalle teen individue te diskrimineer.

## FUNKSIES

Die Raad besluit dat hy voortaan alle beheer moet hê oor funksies wat onder sy beheer plaasvind. Alhoewel dit etlike jare gelede wel die posisie was, het die Administrasie sedertdien hierdie magte by die SR oorgeneem en berus die finale seggenskap tans by eersgenoemde instansie. Volle beheer deur die Raad self, sal na verwagting die geleentheid skep vir groter sensitiwiteit ten opsigte van die toelating van bruin en swart studente by sodanige funksies.

Ten slotte het 'n onderhoud met die voorsitter van die Raad, mnr. Hilgard Bell in 'n onlangse uitgawe van The Argus, onder die soeklig gekom. Alhoewel mnr. Bell ten aanvangs van die debat onmiddellik die Raad om verskoning gevra het vir sekere woordelikse aanhalings in die berig waartoe hy nie toestemming gegee het nie, distanstansieer vyf Raadslede hulself in 'n breedvoerige verklaring van die uitsprake deur mnr. Bell. In die verklaring word gesê dat mnr. Bell met sy uitsprake gedaal het tot 'n vlak wat nie by 'n studenteraadslid pas nie en dat selfs sy vermoë om as studenteraadsvoorsitter op te tree, betwyfel word.

**In die lig van die talle stelle wat die huidige Raad, individuele lede van daardie Raad asook die vorige Raad waarvan mnr Bell lid was, alreeds met die pers afgetrap het, is dit byna onverstaanbaar dat hy homself in so 'n posisie kon bring. Nie alleen spreek dit van roekeloosheid nie, maar ook van ongevoeligheid vir die posisie van die SR veral ten opsigte van die Engelstalige pers. 'n Mens kan maar slegs hoop dat die les nou vir eens en altyd geleer is.**

Dit is duidelik dat die SR 'n moeilike tyd betree en beswaarlik sal kan funksioneer as 'n effektiewe eenheid terwyl die verdagmaking van individue voortgaan. 'n Verdere aand van Bell-, De Kock-, Koornhof- en Roelofsestruwelinge met nege ander verdwaasde toeskouers in 'n gedisintegreerde vergadering, laat kwalik enige hoop vir doelgerigte leiding.

# Omgewing moet ons erns wees

**MATIE – GESPREK**

**FRANCOIS VAN DER MERWE GESELS MET**



**Prof. Jan Giliomee**

FRANCOIS van der Merwe het vandeesweek met prof. Jan Giliomee, bekende insektekundige en veral omgewingsbewaarder gesels. Prof. Giliomee is 'n stigterslid en sekretaris van die Vereniging vir die Beskerming van die Omgewing en dien op die Habitatraad. Sake soos die kernkragsentrale by Koeberg en studentebetrokkenheid by omgewingsake is ondermeer aangeraak.

*Wat is die essensie van suksesvolle omgewingsbewaring?*

Bewaring behoort 'n lewenswyse te wees gegrond op 'n kennis en aanvoeling vir die Natuur. Dit sluit uiteraard in dat jy die Natuur leer ken, dit bestudeer en 'n gevoeligheid daarvoor ontwikkel sodat 'n mens byvoorbeeld as gevolg hiervan jou optrede ten opsigte van omgewingsake so skik dat jy in die beste belang van die Natuur optree. Met bewaring as lewenswyse sou energiebesparing byvoorbeeld feitlik van self kom: sou jy nie ry waar jy te voet of met 'n fiets kan kom nie, nie warmwater mors of ligte onnodig laat brand nie, nie jou omgewing bemors nie. Omgewingsbewaring moet dus geen moeite of lastigheid wees nie maar so vanselfsprekend deel van 'n mens wees soos eet en slaap.

## NASIONALE BELANG

*Die verskoning dat 'n bepaalde optrede in die sogenaamde 'nasionale belang' is, word dikwels deur die owerhede aangevoer wanneer daar ook growwe skendings van die Natuur is. Hoe reageer u as omgewingsbewaarder hierop?*

Ja, hierdie argument word dikwels gehoor wanneer daar besware van omgewingskant geopper word. So word die oprigting van die Koeberg-kernkragsentrale geregverdig in die lig van die energiekrisis terwyl alternatiewe beskikbaar is, die ontginning van steenkool in die Krugerwildtuin deur nywerheidsontwikkeling en die Suid-kusroete vir verdedigingsredes. Die staat poog soms om swak beplanning oor hierdie boeg te gooi. 'n Verdere voorbeeld is die oprigting van 'n wapenfabriek in 'n stuk natuurlike veld by Wellington as synde genoodsaak deur strategiese oorwegings.

*Waar staan die gewone man in die straat en selfs die student t.o.v. omgewingsbewaring?*

Alhoewel daar tot 'n mate ook vordering by die algemene publiek was in soverre dit hulle bewaringsbewussyn betref, is ons in die algemeen nog baie ver agter by Europese lande. Daar is dus nog steeds 'n baie groot ongevoeligheid by die publiek oor die Natuur. Dit is natuurlik deel van die proses van modernisasie wat daartoe gelei het dat mense los geraak het van hulle bande met die Natuur. Simptome hiervan is besoedeling en energieverkwisting wat hoogty vier.

By studente vind ek oor die algemeen besonder min belangstelling vir die Natuur. Daar is byvoorbeeld geen vereniging op Stellenbosch onder studente wat ek weet hulle beywer vir natuurbewaring of selfs natuurstudie nie. Dié wat nog in die buitelug kom, doen dit om te gaan draf vir rugby, of om te gaan bergklim vir die sosiale sy daarvan. Nêrens word die diere- en plantelewe hier rondom ons vir die plesier daarvan ondersoek nie. Hierdie onttrekking vanaf die Natuur gee aanleiding tot 'n onkundigheid en ongevoeligheid wat weer lei tot 'n lewenswyse wat natuurvernietigend is.

*Moet studente hulleself organiseer as 'n drukgroep ten opsigte van sake wat die omgewing raak?*

Ek dink dit is belangrik dat die SR as die verteenwoordigers van die studente besin oor omgewingsake en selfs uitsprake daaroor maak om sodoende bewys te lewer dat dit vir hulle 'n erns is. **Dit hoef nie noodwendig die skouspelagtige nasionale sake te wees nie, maar eerder dinge wat studente pertinent op Stellenbosch raak: die gebruik van sonenergie vir waterverwarming in koshuise, oordadige verligting van geboue, die vermorsing van warmwater, die besoedeling van die kampus en die Eersterivier.**

*Hoe optimisties is u oor die toekoms in soverre dit die omgewing aangaan?*

Die bevolkingsgetalle en die bevolkingsgroeipotensiaal wat verder gekompliseer word deur die politieke situasie, maak 'n mens pessimisties. Verder neem ek van nature 'n pessimistiese houding in, miskien omdat jy dan groter genot put uit die kere wat jy sukses behaal. Tog dink ek dat 'n mens optimisties oor hierdie aangeleentheid kan wees, eerstens omdat die owerhede 'n groter bewussyn openbaar en tweedens weens die snelle opvoeding van die Suid-Afrikaanse bevolking in omgewingsaangeleenthede. Buitendien gaan die gewone ekonomiese omstandighede soos tekorte, hoë pryse en wetgewing, die onwilliges tot instemming dwing. **Maar ek sou liewer wil sien dat ons die harte van mense vir hierdie groot saak wen – of ons daarin kan slaag sal slegs die toekoms leer.**

# Die Matie - Hof ondersoek geldsake

GERUGTE doen die rondte dat Die Matie finansiële probleme ondervind. Stories word versprei dat geld weg is of selfs dat die begroting oorskrei is. Hierdie aangeleentheid word op die oomblik deur 'n Studentehof, in opdrag van die Studenteraad, ondersoek. Hoewel daar geen uitsluitsel gegee kan word oor die situasie soos dit werklik daar uitsien nie, kan sekere feite tog bekend gemaak word. Die gerugte het ontslaan rondom sekere rekenings wat nie betaal is nie.

Dit is veral belangrik om daarop te let dat die agterstallige fakture, wat intussen betaal is, uit vorige finansiële jare dateer. Dit het dus niks te doen met die huidige termyn van Die Matie se redaksie of Studenteraad nie. Die fout is wel teen die einde van verlede jaar ontdek en die redakteur van Die Matie, tesame met die Studenteraad, het onderneem om die probleme so gou as moontlik uit te stryk.

Die onbetaalde fakture, wat moontlik nooit deur die Studenteraad ontvang is nie, dateer uit die termyne van mnre. Chris Heymans en Louis Heyneman. **Hoewel hierdie rekeninge onbetaald gebly het (in sommige gevalle langer as 'n jaar) het die SR geen skade gely nie, aangesien die drukkersmaatskappy geen rente op die uitstaande bedrae geëis het nie.**

Aangesien die administrasie alle uitbetalings van die SR per tjek doen, word geen geld deur die tesourier van die Raad hanteer nie. Dit is onmoontlik dat enige geld van die SR verlore kon raak. **Die administrasie lewer, aan die einde van elke finansiële termyn (wat van Junie tot Junie strek) 'n geouditeerde staat van inkomstes en uitgawes en 'n balansstaat aan die tesourier van die SR. Laasgenoemde moet dit weer by die jaarlikse monstervergadering aan die studentemassa voorlê vir goedkeuring.** Eksterne en interne ouditeurs van die universiteitsadministrasie fynkam jaarliks die verslae van die Studenteraad boonop ook nog.

Die Matie se termyn het in die verlede nie saamgeval met dié van die SR se finansiële jaar nie. Dit het beteken dat opvolgende redakteurs rekening moes hou met 'n stuk of drie uitgawes van vorige redakteurs wat reeds in eersgenoemde se finansiële termyn geval het. Hierdie situasie het probleme geskep. Om dit te oorbrug loop Die Matie se termyn sedert verlede Junie saam met dié van die SR se finansiële jaar. Sekere komplikasies kan steeds onder die huidige stelsel ontstaan waar advertensiegelde, wat aan die kredietkant bygetel behoort te word, nie voor die einde van die finansiële termyn ingevorder word nie.

BEGROTING

Elke redakteur word 'n bedrag toegestaan vir publikasie van Die Matie, asook ander uitgawes wat daarmee in verband staan. Hierdie bedrag word dan aangevul deur advertensiegelde, wat by die Studenteraad se rekening inbetaal word. **Die redakteurs is verantwoordelik om binne die begroting, soos toegestaan deur die Studenteraad, te bly.**

Alle rekenings, soos dié vir foto-ontwikkeling of telefoonoproepe word deur middel van tjeks, uitgereik deur die administrasie, betaal.

Kommunikasiegapings tussen opvolgende redakteurs of tesouriers het in die verlede ook probleme geskep. 'n Nuwe redakteur en SR-tesourier is jaarliks in Augustus verkies. Tesame moes die twee dikwels rondvoer vir die regte prosedure. Nadat die redakteurstermyn van Die Matie sedert Juniemaand nie meer saamval met dié van die SR nie, is die probleem opgelos.

Hoewel die finale uitslag omtrent Die Matie se finansies onderhewig is aan die uitslag van die Studentehof, kan daar net gehoop word dat bogenoemde voorlopig skinderstories en koffiekanpraatjies oor die aangeleentheid stop sal sit.

# HERFSSKOOL BY TYGERBERG

DIE jaarlikse herfsskool van die Universiteit van Stellenbosch gaan volgende jaar die eerste keer nie op Stellenbosch nie maar in die gebouekompleks van die Universiteit se fakulteit Geneeskunde in Tygerberg aangebied word.

Vernuwing is die sentrale tema van dié herfsskool, wat van Maandag 31 Maart tot Woensdag 2 April sal duur. Dit sal die U.S. se sesde jaarlikse herfsskool wees.

Meer lesings en paneelbesprekings as in vorige jare gaan aangebied word, sê die sekretaris van die reëlingskomitee, mnr. Neels Britz. Lesings oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe deur 'n 30-tal kenners word beoog.

SUBTEMAS

**Die vyf subtemas waaronder dié lesings oor vernuwing aangebied word, is "Op die voorpunt van die mediese wetenskap", Die grootstad – ons nuwe woonplek", "Kommunikasie en die moderne samelewing", "Die verhaal van Suid-Afrika uit 'n ander hoek" en "Kuns in die moderne samelewing".**






MNR LOUIS HEYNEMAN

*USKOR het sopas 'n praguitgawe van dié organisasie se werksaamhede die lig laat sien. Mnr Louis Heyneman, vorige redakteur van Die Matie, was verantwoordelik vir die samestelling van hierdie blad. Die blad bestaan uit reekse kleurfotos, sowel as wit en swart, wat 'n pragtige beeld van USKOR se bedrywighede weergee. Verder verskyn daar ook die nodige statistiek wat USKOR se groei, deur die jare, weerspieël.*

# Onnodige roosters spaar steeds geld

ELKE student ontvang jaarliks, tussen November en Desember, 'n hereksamenrooster. Volgens die syfers lyk dit of 70% van die studente nie so 'n rooster nodig het nie. Die Matie het met mnr. Zietsman van die Registrateur (Akademies) se kantoor gesels oor moontlike vermorsing in dié verband.

Volgens mnr. Zietsman het daar in Januarie 1980, 3958 studente gekwalifiseer om 'n hereksamen, van watter aard ookal, af te lê. Die Administrasie is wel deeglik bewus van elke student wat 'n hereksamen moet aflê, maar die probleem ontstaan met studente wat ekstra vakke volg. Hieronder tel onder meer die M- en Honneurs-studente en enige student wat 'n ekstra vak met die nodige toestemming volg. Hulle lê sonder meer 'n eksamen vir die eerste keer in Januarie af.

**Deur dus 'n rooster aan elke student te pos, kan daar geen verwarring in verband met die eksamen ontstaan nie. Daar word duidelik op die rooster gestel dat dit aan elke student gepos word, ongeag of hy 'n aanvullende eksamen moet aflê of nie.**

Die koste verbonde aan die uitstuur van die roosters beloop nogal 'n aardige bedrag. As daar dus aanvaar kan word dat ongeveer 6000 studente die roosters onnodig ontvang, kan dit op 'n vermorsing van geld dui. Hierdie onnodige bedrag beloop jaarliks ongeveer R579.

EKONOMIES

Mnr. Zietsman het egter voorts beklemtoon dat dit op hierdie stadium die mees ekonomiese metode is om al die studente van die aanvullende eksamen in kennis te stel.

Die enigste alternatief is om 'n rekenaarlopie te skryf wat al die studente met hereksamens en ekstra vakke sal sorteer. Die koste verbonde aan só 'n lopie is heelwat hoër as die koste verbonde aan die bestaande wyse van kennisgewing.

Verdere ondersoek deur Die Matie het aan die lig gebring dat daar in 1979 'n administratiewe "misverstand" plaasgevind het met die druk van die roosters. Dit het daartoe gelei dat die onnodige bedrag opgeskuif is tot R1332. Hierdie "misverstand" het dus 'n verdere R754 gekos.

**Dit is nogtans jammer dat juis in hierdie dae van besparing daar jaarliks ongeveer R579 verlore moet gaan. Dit blyk egter wel die mees ekonomiese en doeltreffendste metode te wees.**

Griet se Boekrak
H/v Andringa- en Victoriastraat
STELLENBOSCH
7-0712
VIR
KOOP EN
VERKOOP VAN
GEBRUIKTE
AKADEMIESE
BOEKE
TIKWERK
BINDWERK
"PAPERBACKS"
Naaste aan
Kampus
Naaste aan u
sak.

almal kom na
DIE GESKENKHUIS
vir alle geskenk- en Jewelsware
Andmar gebou, Ryneveldstraat,
Stellenbosch Foon: 3441

# 40% NOU NODIG VIR 'N HEREKSAMEN

AAN die einde van 1979 is daar aan 3958 Maties toelating tot die hereksamens verleen. Wanneer 'n mens die Honneurs-studente, die studente wat ekstra vakke neem en die studente wat gedurende die November-eksamens siek was, aftrek bly daar nog 3500 studente oor wat toelating tot werklike hereksamens verkry het. Die aantal studente wat werklik deelgeneem het aan die hereksamens kom, konserwatief bereken, te staan op ongeveer 2500. As 'n mens die Ingenieurs- en Mediese studente buite rekening laat, blyk dit dat die ongeveer 25% van alle Maties "geher" het terwyl ongeveer 30% wel toelating verkry het tot die hereksamens. Dit is dan ook geen wonder dat die Rektor by die verwelkomingsgeleentheid van die eerstejaars gesê dat daar iets gedoen sal moet word aan Stellenbosch se bynaam ("sosiale kampus") nie.

Waarom moet so baie student hereksamens aflê? Mnr. Conradie, Registrateur Akademies, het laat blyk dat van die belangrikste redes is: (i) die lae toelatingssyfer tot hereksamens, (ii) die feit dat die studente bewus is van 'n tweede kans wat dan lei tot die doelbewuste verwaarlosing van sekere vakke en (iii) dat waar daar vroeër jare 'n negatiewe konotasie geheg is aan die hereksamens, dit vandag hoegenaamd geen skande is om hereksamens af te lê nie.

In die lig van bogenoemde oorwegings het die Universiteitshoofde besluit om die toelatinssyfer tot hereksamens te verhoog tot 'n eksamensyfer van 40%. Hierdeur het hulle probeer om die aantal studente wat aan hereksamens deelneem te verminder, maar ook om die doelbewuste verwaarlosing van sekere vakke te kortwiek. Of hierdie reëling doeltreffend genoeg gaan wees sal net die tyd kan leer.

**Mnr. Conradie het by navraag gesê dat hereksamens nie sonder meer opgeskort sal word nie. Wat wel kan gebeur is dat die hereksamens beperk kan word tot óf finalejaarstudente óf finalejaars en eerstejaars.**

Hy het ook gesê dat ander fakulteite reeds navraag gedoen het oor die resultate van die herevalueringsstelsel van die Ingenieurswesefakulteit. Hierdie stelsel sal vanjaar reeds by die Krygskunde-fakulteit toegepas word.

ALTERNATIEWE UITWEË

Daar is dus alternatiewe uitweë vir die administrasie as die verhoging van die toelatingssyfer nie doeltreffend genoeg is nie. Studente wat dink dat hulle 'n oplossing het vir hierdie probleem kan met die studente-oorlegkomitee in verbinding tree en sy oplossing aan hulle voorlê.

Ongeag wat ook al oor hierdie saak gesê is of nog gesê gaan word, bly een feit staan: Die Universiteit se beeld ly groot skade as gevolg van die groot aantal studente wat moet hereksamens aflê. Die Administrasie het die eerste stap in die regte rigting geneem en nou is dit elke Matie wat die naam Matie werd is se plig om deel by te dra ten einde hierdie saak reg te stel.

**Dit blyk dat die volgende vakke die meeste studente se baas is: Renterekeninge I, Privaatreg, Hebreeus, Sielkunde, Sosiologie I en Latyn. Hierdie gegewens is verkry uit die hereksamenstatistiek.**

# perspektiewe en dinge

**coenraad pieterse**

WIE kom nader aan die waarheid as Koos du Plessis wanneer hy sê: "Skielik is jy vry, as niemand van jou weet nie, kan niemand jou vergeet nie." 'n Stukkie kultuurfilosofie met so 'n effense stekie in die rigting van apatie.

Aan die nuwe oes., mense moet nie oorbluf staan nie, skakel in, maak gebruik, en woon by. 'n Kennisgewing van een of ander "megafter" word nie om dowe neute opgesit nie. Dit gaan primêr om 'n diens aan die gemeenskap te lewer. Saam met jou akademie moet jy besin oor 'n gebalanseerde rol op die kampus. Julle wil mos onthou word, veral as jy skielik vry word. Dit wil nie sê dat jy vry word as jy jou studies staak nie, inteendeel, ek sou sê daar word net meer beperkings op jou geplaas.

### 'N BIER

Hoe aanvaar jy Stellenbosch? Ek wonder watter persentasie van Stellenbosch val in die kategorie wat Anton Goosen beskryf as: "...... **elke huis het sy kruis met 'n bier in die regtervuis hy ken die lewe en hy's wêreldwys**"

Jy staan op die drumpel van 'n wrede ontnugtering. Jy mag die wêreld ken, maar jy ken nog nie vir Stellenbosch nie. Hier word jy vrygelaat om, of jou plekkie regmatig in die son te verwerf, of niemand weet van jou, en jy word vergeet in die veronderstelde akademiese doolhof van Stellenbosch. Universiteit is nie wat ander jou vertel om te doen nie – dit is wat jyself daarvan maak, hoe traumaties dit ookal mag wees.

### SIEKTE

'Dit hoef egter nie noodwendig traumaties' te wees nie. Daarvoor sal die Kovsies sorg. In aansluiting by Johan Bruwer, om iemand so in die gesig te vat is 'n weerspieëling van siek objektiwiteit. Mej. SA. se privaatlewe is na alles haar eie persoonlike lewe en dit het niks met die volgende een uit te waai nie. My apologie aan die sedebewakers, maar vee eers voor jou eie deur. Konsekwensie is immers die paspoort tot regverdigheid. Jammer vir die bitter smakie so vroeg na die aanvang van die nuwe jaar. Gelukkig was Karnaval daar om alle bitterheid af te sluk, en nuwe tegnieke op die proef te stel. Vlotte moet gebou word, stalletjies word opgerig en nuwe metodes word prakseer om jou eie kannetjie binne die biertuin te kry. Bestaan daar iemand wat 'n fanatieke Matie kan klop in hierdie opsig? Trouens neem verlede jaar toe almal met kannetjies by die ingang voorgekeer is. Puur verniet, as dit nie onder deur die seile kom nie gaan dit sommer bo-oor. Ag nee wat, wat te erg is, is darem regtig te erg. Bestaan daar ooit nog enige heining of fiktiewe hekke wat iemand in sy gang kan steur? Veral op Stellenbosch.

### FIETSE

Nou een oggend het 'n haastige en pligsgetroue student sy fiets soos vele ander aan 'n houtheining vasgesluit. Dit was natuurlik nie om dowe neute nie. As gevolg van die delikaatheid van die speke word dit in 'n mate beskadig deur die bestaande geriewe. Veral as 'n man se kapitaaltjies nie uit 'n romertuit kom nie word jou besittinkies maar opgepas. Maar nou ja, weer eens is dié ook skynbaar 'n oortreding. 'n Paar lewensvernietigende volstruisskoppe het die heining byna vernietig, en gevolglik is die fiets verwyder.

### OPTREDE

Sulke optrede laat 'n mens nogal soms nadink. Was dit nodig? Kon die betrokke persoon maar nie net gewaarsku word nie? Waar is die mens se konsekwentheid? Ons het behep geraak met die idee van molshope wat berge word. Moet nie alles alewig gaan staan en oordryf nie! Waarom histeries raak oor onbenullighede? Met waarderende verwysing na Prof. Willie Esterhuyse. Jan Publiek wil die stuipe kry oor die gesukkel van Karin Sickel, haar sogenaamde immoraliteit. Ekskuus tog man, jy gee my 'n pyn. Kyk rondom jou, gaan lees "Afskeid van Apartheid" en gesels dan weer oor immoraliteit.

### VERSKONING

Ek is jammer, dit is nie 'n doelbewuste poging om enige volksvadertjie, of -moedertjie se bloedruk op te jaag nie. Maar onthou net, die wiel draai, en iemand wat 'n onreg gepleeg het kom nooit daarmee weg nie. Op 'n punt van orde, as die skoen jou pas, trek dit aan. Al is dit net om in die mode te bly. 1980 is mos die jaar van sofistikasie. Ek wil nie sarkasties wees nie, en ek wil ook nie 'n ou Bittergal wees nie. Wat help dit tog om jou oor alles te sit en verknies? Want: "...... if you worry you die, if you don't worry you also die, so why worry"? "Alles sal regkom," sê Jan Brand. Volgens ingeligte bronne moes Jan Brand se optimisme geen grense geken het nie. Heel moontlik het hy sy eie skadu-organisasie gehad wat hom ingelig het oor die doen en late van die institusionalisme.

### CARTER – FONDA

Die CIA het mos deesdae skynbaar 'n hand in alles. Heel toevallig ook mos deurgedring na die binneste humor van die Wit Huis. Onder kongreslede in die Amerikaanse senaat doen die gerug van uiters goeie nuus en terselfdertyd uiters slegte nuus die rondte. Here van die Senaat, die goeie nuus. Pres. Carter het besluit om die uiters spraaksame Jane Fonda na Iran te stuur om met die Ajatolla te onderhandel oor die waarskynlike vrylating van die Amerikaanse gyselaars uit die ambassade. Nou vir die slegte nuus. Ted Kennedy moet haar lughawe toe neem.

Het SA dan vergeet van mnr. Dunn in San Salvador?

# Trappe Tone

*Die Matie het na aanleiding van Karnaval 'n paar "toontrapvrae" gestel oor die aanbieding van Karnaval. Hier is die menings:*

Die pret van karnaval moet geensins gedemp word nie, maar terselfdertyd moet daar 'n groter mate van betrokkenheid deur die studente wees by die werklike doel van Karnaval, nl. hulpverlening van die kleurlinggemeenskap.

Mnr. F. Theron. (MA Volkekunde)

Soos ons, Dagbreek en Huis ten Bosch dit aanbied is dit meer as net gesonde studentepret en geldinsameling. Vir ons gaan dit om die smee van hegte bande met mekaar.

Mnr. G. Nieuwoudt en Mej. S. Greef.

The aim of Carnaval is to make money, so all I can say is that it is a fun way of making money.

M. Nel (Nemesia)

Solank die geld vir USKOR gaan kan ek baie dinge oor die hoof sien.

I. de Villiers (Nemesia)

Betrek liewers almal gedurende Karnaval by dit wat Karnaval moet wees nl. vlotbou, kermis ens, en sprei die ander geldmaak aktiwiteite oor die hele jaar.

A. Loubser (Erica)

Karnaval hou nog vir die Matie wat student wil wees studentepret in en daarom kan dit nie as "kommersieël" beskou word nie.

B. Coetzee (Majuba)

As long as you enjoy it, it remains good fun.

C. van der Vyver (Lydia)

I think the purpose of Carnaval is to make money, it can be lots of fun for students too. They just have to look for it in the right spirit, not forgetting the purpose of the money making.

J. Teubes (Serruria)

Daar behoort meer geleentheid te wees om saam "mal" te gaan en iets vir die student te bied as wat daar geleentheid is vir geldmaak.

B. Erasmus (Dagbreek)

Ek wonder of ons nie te veel van die geldmakery maak nie. Geniet die ouens dit werklik om so dag vir dag Akkerjolle en kompetisiekaartjies te verkoop? Die belangrikste van Karnaval moet wees dat elkeen sal terugkyk en sê: "Ek het geniet, dit was vir my lekker."

Van Rooyen Terblanche. (Majuba)

Myns insiens moet Karnaval se prioriteit wees om geld vir USKOR in te samel. Terselfdertyd bied Karnaval die geleentheid tot besondere studentepret, Ek reken die Karnavalkomitee het 'n handige instrument om hulle morele plig uit te voer. Dis 'n "malle plesiertjie" – 'n goeie kombinasie.

C. Heymans (MA-student)

Die kommersiële aspek van Karnaval neig om oorbeklemtoon te word, alhoewel dit nog binne aanvaarbare perke is.

Mnr. W.A. Heyns (P.S.O.)

Karnaval is 'n uitstekende manier om geldmaak en pret saam te gooi.

N. Robertson (Minerva)

The cause for which Carnaval is working is worthy, if the students know that they are working for USKOR. Just going "mad" is not enough. This in itself is not wrong, but let us make the cause of Carnaval, the help of the underprivileged.

Miss C. White (Erica)

Alhoewel karnaval 100% slaag in sy kommersiële doel, dink ek tog ook dat dit genoeg pret verskaf, hoewel seniors en juniors nie eintlik heeltemal betrek is nie.

S. Bruwer (Serruria)

Dit wil voorkom of dit net die studente is wat deel het aan die Karnavalpoging. Behoort administrasie nie meer betrokke te raak nie? – veral met betrekking tot toegewings tot klasdraf.

W. Horak (P.S.O.)

Ons voel dat 'n goeie balans gehandhaaf word.

Y. Murray & M. v. d. Walt (Minerva)

Die oorgrote meerderheid Maties hou Karnaval met die doel om pret te hê en dink nie eers aan die geldmaak aspek nie. As ons Karnaval hou is dit vir die pret met 'n hoofletter soos net die Maties dit kan doen.

L. van Eeden (P.S.O.)

# Ou Wyn in Nuwe Vate . . .



"EK het na hierdie wêreld gekom . . . sodat dié wat nie sien nie, kan sien, en dié wat sien, kan blind word."
Joh. 9:39.

Jesus, die prekende Joodse ambagsman, is steeds die mees gelese onderwerp. Wat in die wêreld gebeur het weens sy dade en uitsprake, is verstommende – 'n eenvoudige kleindorpse timmerman begin preek en trek rekord skares. En wat sê hy nie! Dat jy moet sterf om te kan lewe, dat jy jou vyande lief moet hê, dat die sagmoediges die nuwe aarde sal beërwe: sulke teenstrydighede, wat nooit deur ons selfgemaakte filosofieë opgelos kan word nie. Tog verbied sy invloed op ons wêreld ons om hom te ignoreer. Hyself beantwoord die vraag: "My koninkryk is nie van hier nie." In hierdie bestaan van ons sal hierdie man altyd paradoksaal bly, sou ons hom steeds wou kruisig. Om sy beloofde oorvloedige lewe te kan lewe, moet ons hierdie een van ons afsterf. Om hom te kan sien, moet ons eers erken dat ons blind is.

**FRIKKIE DE JAGER**

# UIT DIE OUDE DOOS

DIE jaar 1960 het net soos sy eweknie twintig jaar later, 'n nuwe dekade ingelei. Die Matieland van 1960 het 'n ewe duistere en onsekere dekade binnegegaan, alhoewel dinge volgens Die Maties van daardie jaar maar hulle gewone, menslike gang gegaan het. . . .

**4 Maart 1960.**

Karnavaltyd op Stellenbosch, maar siedaar geen Karnaval in die jaar 1960 nie, want verduidelik Die Matie, *"daar het geen verandering in verlede jaar se besluit, nl. dat daar geen Jool gaan wees nie, gekom. Die moontlikheid dat daar weer met so iets soortgelyks begin sal word, is ook maar skraal. Die standpunt van die owerhede was nog steeds dat daar te veel tyd en energie verspil word op so 'n organisasie soos die jool. Die Intervarsity en die Sangfees bied genoeg geleentheid tot plesier en ontspanning. Daarby was die Jool nooit 'n finansiële sukses nie. Die Jool is nie meer 'n spontane poging van die kant van die studente nie, maar 'n groot organisasie wat op die skouers van 'n paar persone rus."*

Ag, die goeie ou Sangfees!

**18 Maart 1960.**

Raai net – soos twintig jaar later sit Die Matie in 'n finansiële penarie weens onbetaalde, agterstallige rekeninge en verklaar die hoofredakteur op die voorblad:

*Om enige onduidelikheid of misverstande te voorkom, wil ek graag die volgende onder die aandag van die studente bring: 1. Dat ons verplig was om Die Matie te verkort na 8 bladsye per uitgawe a.g.v die groot agterstallige skuld van vorige jare. Om die toestand die hoof te bied moet daar so ver moontlik besnoei word.*

In 'n lang hoofberig in dieselfde uitgawe, verdoem die hoofredakteur *skuldkoop* in geen onsekere taal nie en later in die jaar spog Die Matie dat dit deur volgehoue besparing die agterstallige skuld van £900 gedelg het.

**8 April 1960**

Ook die sedebewakers sluimer nie met die draai van die dekade nie en ene Jan Coetzee het ernstige klagtes oor die sogenaamde "bop-partye" wat oral hulle lelike koppe uitsteek. Volgens mnr. Coetzee vind dit veral by dameskoshuise plaas en is die dames dit aan Stellenbosch verskuldig om 'n einde te maak aan hierdie euwel. Hy vervolg:

*Maar dit is hier waar ons Afrikanervolkskultuur stelselmatig afgetakel word. Hier word 'n nuwe kultuur vir die Afrikaner geskep op die ritme van 'Jail House Rock' en 'Livin Doll' ens – selfs die geliefde ou Suikerbossie word verlaag tot die dansvloer waar dit op bop-ritme in die stof vertrap word. Ek twyfel nie daaraan dat dameskoshuise hulle nie hierdie ideaal ten doel stel nie. Sal hulle dan nie asseblief ophou om hierdie vreemde gees wat oor ons vaardig word, te stimuleer deur voortdurend 'bop-parties' te organiseer nie. Hulle is dit immers aan Stellenbosch verskuldig.*

Suikerbossie, o Suikerbossie!

**21 Oktober 1960**

Ook op sportgebied belowe die nuwe dekade groot dinge. Die Matie-jukskeispan besoek die Suid-Kaap en behaal groot welslae met spel uit die boonste rakke op plekke soos Hartenbos, Mosselbaai en Oudtshoorn. Wanneer dit egter nie so goed gaan nie. . . .

*Het die Maties egter soos ware sportmanne hulle terugslae weggesluk met heerlike braaivleis en boeretroos, wat net so oorvloedig soos die gashere se gasvryheid was. Die onthale was oorweldigend – en so was die nooiens.*

Ag, die goeie ou dae!

**FRANCOIS VAN DER MERWE**

# Studenteraad moet goeie basis vir toekoms lê

## 'n Ope Brief

DEUR JOHN VAN BREDA

DIE afgelope twee jaar het tot sekere positiewe veranderinge gelei ten opsigte van die Studenteraad se selfverstaand van die rol wat hy te speel het binne die studentegemeenskap en die studentepolitiek. Hierdie veranderde gesigspunt bestaan hoofsaaklik daaruit dat die SR nie bloot 'n administratiewe orgaan is nie, maar ook 'n definitiewe leidinggewende rol ten opsigte van politiek (studente sowel as nasionaal) te speel het.

Hiervan was die vorige SR sowel as u, ons huidige SR, reeds in u vroeë termyn 'n sprekende voorbeeld gewees. Oor u wil om betrokke te wees by aktuele politieke sake bestaan daar geen twyfel nie. 'n Vraag wat wel ontstaan, is: waarheen is u op pad met die studente-unie in hierdie steeds groter betrokkenheid? Wat wil u met hierdie betrokkenheid? Gaan dit om 'n betrokkenheid "ter wille van betrokkenheid" of geskied dit in die lig van sekere ideale wat met hierdie betrokkenheid verwesenlik wil word?

Ek stel hierdie vrae omdat ek glo dat die gesprek wat daaruit mag voortvloei 'n bydrae kan lewer tot die wyse waarop u, as SR, vir ons as studente-unie in die res van u termyn gaan lei. Aangesien dit wat op studente-politieke vlak plaasvind nooit volledig losgemaak kan word van dit wat op die breër politieke front geskied nie, meen ek dat die wyse waarop u u betrokkenheid in die komende termyn gaan realiseer van beslissende belang gaan wees vir die rol wat Stellenbosch nie net in die studente-politiek gaan speel nie, maar ook vir sy bydrae tot die breër politiek. Juis vanweë die verskuiwinge wat daar op die breër politieke front geskied het, vra dit nie net van ons as studentegemeenskap om betrokke te raak nie, maar om ons betrokkenheid te stuur in die lig van die nuwe eise wat uit hierdie verskuiwings voortvloei.

## MENINGS-AKTUEEL

Ek is van mening dat hierdie verskuiwings by die meeste van ons die bewussyn gekweek het dat as ons nie die verskeidenheid in die Suid-Afrikaanse maatskappy op sò 'n wyse absorbeer en kanaliseer dat dit uiting sal gee aan 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse idealisme en lojaliteit nie, ons byna geen hoop op 'n toekoms hier te lande het nie. Daarom sal die wyse waarop ons as studentegemeenskap by die politieke gebeure betrokke raak nooit kan volstaan by 'n "betrokkenheid t.w.v. betrokkenheid" nie. **Ons sal hiermee 'n effektiewe bydrae moet lewer in die kanalisering en absorbering van die verskeidenheid in ons gemeenskap wat op sy beurt weer 'n bydrae sal lewer tot die uitbouing en verwesenliking van 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse lojaliteit wat selfs die aantrekkingskrag van die Marxisme sal transendeer.**

### SES MAANDE

Dit is dan veral in die lig van hierdie strewe na die verwesenliking van so 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse lojaliteit dat u in u termyn 'n kardinale rol te speel het in die neerlegging van 'n bepaalde basis waarop volgende studenterade kan bou. Die eise van ons samelewing en toekoms is van sò 'n aard dat die neerlegging van bepaalde basis-strukture waarop die SR's van die toekoms sal kan bou reeds in die volgende ses maande sal geskied. Daarom sal u betrokkenheid in die volgende ses maande tot 'n groot mate bepaal watter rol Stellenbosch nie net in die studente-politiek gaan speel nie, maar ook watter effektiewe bydrae ons tot die verwesenliking van 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse lojaliteit gaan maak.

Die aard van hierdie basis bestaan, myns insiens, daarin dat u die studente-unie tot 'n duideliker selfverstaan van die wisselwerking tussen studente-politiek en die breër politiek sal lei asook die unieke rol wat Stellenbosch ten opsigte hiervan te speel het. 'n Gebrekkige selfverstaan en visie ten opsigte van hierdie wisselwerking kan verhoed dat ons as universiteitsgemeenskap die rol wat ons binne die breëre gemeenskap behoort te speel, wél speel.

### KORRIGERING

Miskien het ons die afgelope dekade iets van hierdie "gebrek" op Stellenbosch ervaar as ons in ag neem hoeveel energie daar deur Studenterade verspil is in hulle pogings om óf die moontlikheid tot terugkeer na die ASB te ondersoek óf self pogings hiertoe geloods het. Hierdie pogings het miskien nie genoegsaam rekening gehou met die verskuiwings wat daar op die breër politieke front plaasgevind het nie. Daar het 'n bepaalde korrigerende invloed op ons politieke denke vanuit hierdie verskuiwings voortgekom in dié sin dat ons "gedwing" was om die *pluraliteit* van ons politieke opset te aanvaar. Dié korrigering vanuit die situasie self het daarmee saam die behoefte aan eksklusiewe "wit" of "swart" studente-organisasies laat verdwyn. Daarom ook dat só 'n gedagte telkens deur die studente-unie verwerp is. Verlede jaar se referendum was die finale bewys hiervan. Dit is dan veral in die lig van hierdie verskuiwings dat daar ook veranderinge in ons betrokkenheid by die studente-politiek moet plaasvind en waarvan die basis reeds in die volgende ses maande gelê moet word.

Wat die aard en inhoud van hierdie "nuwe" benadering tot die studente-politiek betref, meen ek, dat u as SR die studente-unie moet lei na dit wat op die korttermyn sowel as op die langtermyn lê. Wat laasgenoemde betref, behoort die visiere so hoog as moontlik gestel te word. Hiermee word bedoel dat Stellenbosch hom bewustelik en daadwerklik sal beywer vir 'n studente-organisasie waarin alle universiteite, wit en swart, op 'n effektiewe wyse struktureel aan mekaar verbind is en wat opsigself 'n noemenswaardige bydrae tot 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse lojaliteit sal maak. Alhoewel die probleme in die verwesenliking van hierdie ideaal oënskynlik legio en onoorbrugbaar is, behoort ons met niks minder as dit tevrede te wees nie. Die gemeenskaplike Suid-Afrikaanse lojaliteit wat die uiteindelike doelwit is, sal nie bereik kan word sonder sekere effektiewe strukturele verbintenisse tussen "wit" en "swart" waarvan bogenoemde studente-organisasie 'n voorbeeld sou wees nie. Die aard van ons toekoms en plurale politieke gemeenskap maak dit vir ons onmoontlik om nog aan die studente-politiek in eksklusiewe "wit" en "swart" kategorieë te dink.

### SELFBEELD

Die selfbeeld en toekomsvisie wat u as SR by die studente-unie behoort te verwek, is dat Stellenbosch 'n unieke en leidinggewende rol te vervul het in die verwesenliking van só 'n studente-organisasie. Maar u sal ook verder moet gaan as om bloot die selfbeeld by die studente-unie te verwek deur *self* die weg oop te maak tot die verwesenliking van so 'n studente-organisasie. Al behels dit net die neerlegging van sekere basis-strukture waarop daar in die toekoms gebou kan word, moet dit hoog op u prioriteitslys staan.

Dit wat op die korttermyn lê, behoort ewe hoog op u prioriteitslys te staan aangesien dit die noodsaaklike voorvereistes vir enige poging tot die verwesenliking van bogenoemde studente-organisasie is. Hiermee word bedoel dat u uself as SR sal beywer om enige diskrimenerende reste wat daar nog in ons eie studente-unie bestaan, afgeskaf te kry. Die in- en uitsluitingskriteria tot dit wat Stellenbosch bied (akademies sowel as nie-akademies), behoort volledig op 'n nie-rassistiese basis gefundeer te wees. Hiervoor moet u uself aktief beyer aangesien enige poging tot die verwesenliking van bogenoemde studente-organisasie, gedoem sal wees indien daar nog enige "rassistiese tekens" in ons eie geledere sigbaar is. Gelukkig weet ons dat u uself alreeeds in beginsel hiervoor uitgespreek het, maar daar bly nog heelwat gebiede oor waar die in- en uitsluitingskriteria nóg op velkleur gebaseer is. Daarom spreek dit vanself dat hierdie "gebiede" ernstige aandag sal moet kry.


### UITWERKING

Die positiewe van dit wat op die korttermyn verwesenlik word, is dat, aangesien die universiteit in 'n sekere sin 'n gemeenskap-binne-'n-gemeenskap is, die herstrukteuring wat daar in eie geledere sal plaasvind 'n sekere "onmiddellike" uitwerking op die breëre gemeenskap behoort te hê. So sal Stellenbosch meewerk aan die verwesenliking van 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse lojaliteit wat op 'n nie-rassistiese basis gefundeer sal wees.

Dat die SR hom sal moet beywer vir dit wat op die lang- sowel as korttermyn lê, word nie net deur ons toekoms en plurale gemeenskap geëis nie, maar ook deur die kontinuiteitsprobleem waarmee ons elke jaar sit wanneer SR'e mekaar opvolg. Daarom sal u in u termyn 'n sodanige basis moet lê dat die komende SR'e hierop sal móét voortbou. Ons as die studentegemeenskap wens u sterkte toe in hierdie grootse taak wat op u wag in die komende termyn.

### *Neem Kennis*

U word uitgenooi om bydraes te maak vir MENINGS-AKTUEEL. Belangstellendes moet met die Aktualiteitsredakteur skakel.




*Dit lyk my 'n eerlike opinie veroorsaak deesdae nogal baie ongerief.*

# INITIATION FILLS ME WITH SHAME

PROF. HARVEY, Dept. of English

I write as one who has laboured among you for some twenty-five years and taught, literally, generations of you. I have been, and am, proud to be a member of this University and have the highest regard and the deepest affection for the vast majority of Maties that I teach whether they be academically brilliant, mediocre, or just plain 'dom'.

But every year at this time I witness and hear about a series of events that fills me with shame, chagrin, disappointment and anger. I mean, of course, the process of bullying and humiliation – and sometimes just plain silliness – wrongly called "initiation". **I am left gaping with sheer astonishment that the people I *know* to be, on the whole, decent, manly (and womanly), compassionate beings with a strong sense of fair play, can even tolerate in their midst, let alone actually take part in, this stupid, at best pointless, and at worst sadistic, practice; one that consists largely in the infliction of embarrasment and unnecessary nervous strain on young men and women who have never harmed them and who are, for the most part powerless to hit back.** This needless cruelty to young people struggling to cope with a difficult and demanding period in their lives and desperately in need of all the help, encouragement and kindness they can get, appalls and baffles me.

### NO INITIATION AT OXFORD

It also shames me, because I associate "initiation" of this sort with primitive tribes, backward schools and tinpot "colleges" of various sorts. The great universities of the world know nothing of this sort of nonsense and would disdain it if they did. There is no "initiation" at Oxford or Cambridge or the Sorbonne or any real university in the world. The students of South African universities like Wits and Cape Town have also now abandoned it. Is it not time for Stellenbosch to claim its rightful place among the real universities? It is not enough for the authorities to declare it illegal. We all know it goes on. You, Maties, must stop it – no one else can.


I have, of course, heard the many phoney, rationalising excuses for it and know that they are twaddle. After thirty-nine years in five different universities I *know* that 99% of first-years come up in a state of nervous apprehension and humility: the few, hardy, insensitive bumptious ones can easily be put in their places and usually are by their contemporaries without difficulty. On this point I will not bow to the superior knowledge and experience of a student in his second – or even his fourth – year!

The other argument in its favour is that it fosters group spirit, especially in residences and makes one a "good Matie", etc. In the first place it doesn't do this as effectively as e.g. inter-hostel sports and competitions – it merely welds the students of any one year into a tighter group. BUT, the trap here, which even those who should know better fall into is: 'Do we necessarily want to stimulate and intensify "group spirit"? ' It is something that quickly and naturally develops in any group who do the same work, live in the same building, etc. Man is a social being and cannot live alone. This feeling is the basis of all patriotic feelings and social conscience. In a country (or any group) under stress or in danger it may become vital for survival. But what purpose does it serve in a university? By its name and nature a university is or should be a place where varying ideas, on every conceivable topic, are brought together, expounded, discussed and evaluated. (To see a university merely as a conglomeration of vocational training schools under one head is a sorry degradation.) The first duty of any member of a university is *not* blind loyalty ("My country, university, right or wrong") to the group, but to THINK. Even research and teaching are subsidiary to this. And thinking is done by individuals, not by groups. To go along with a thought or idea that your individual mind or conscience rejects, merely because it is that of a group, is to betray the basic university ideal.

The last, feeblest and most pathetic "excuse" is: "It was done to us, why shouldn't we do it to others?" For shame, Maties! Because you were the victims of childish nincompoops, do you *really* want to behave like childish nincompoops yourselves? Such things actually degrade the doers much more than the victims. *Some* generation must have the courage to break the chain of foolishness and cruelty.

So I appeal to you, the present generation of Maties, and, particularly, to you first-years. Let the credit be yours that it was your generation who had generosity of spirit and the courage to say: "Enough. It stops here. We will not inflict on others what we suffered. Stellenbosch is not a tinpot "college" – it is a University! "' Please THINK about this, Maties.

# USKOR . . . USKOR . . . USKOR . . .







*Freddie Human SR-lid belas met USKOR.*









# Huis Visser wen Kleureksamen

DIE manskoshuise het vanjaar weer die beste presteer in die Matie-eksamen vir eerstejaarstudente. Soos verlede jaar het Huis Visser, Helshoogte en Hombré respektiewelik die beste gevaar in die algehele kompetisie. Onder die dameskoshuise het Nemesia, Lydia en Heemstede onderskeidelik die eerste, tweede en derde plek behaal.


Volgens Andries Calitz, voorsitter van die Kleurekomitee, was die Kleurekomitee besonder tevrede met die uitslae in die Matie-eksamen. "Die vraestel-standaard was hoog en die prestasie van veral Huis Visser en Helshoogte is lofwaardig". Hy is van mening dat die groot verskil in die prestasie van die mans- en dameskoshuise te wyte is aan die strenger dissipline wat in manskoshuise gehandhaaf word tydens eerstejaarsoriëntering.

### HOOFREDE

Die Kleurekomitee het dit beklemtoon dat die beginsel van kennis inwin om sodoende 'n lojaliteit teenoor die Universiteit te kweek, die hoofrede vir die aflegging van die Matie-eksamen is.

Die volledige uitslae is soos volg:

| Koshuis | Aantal | Syfer |
|---|---|---|
| **Mans** | | |
| Huis Visser | 60 | 99,6 |
| Helshoogte | 129 | 96,3 |
| Hombré | 53 | 90,0 |
| Majuba | 36 | 87,0 |
| Simonsberg | 130 | 83,0 |
| Huis Marais | 47 | 82,4 |
| Dagbreek | 148 | 80,3 |
| Eendrag | 101 | 79,4 |
| Wilgenhof | 61 | 76,9 |
| Aurora | 52 | 70,8 |
| Helderberg | 61 | 68,5 |
| Pieke | 86 | 67,7 |
| Libertas | 135 | 63,7 |
| Oude Molen | 129 | 59,5 |
| **Dames** | | |
| Nemesia | 80 | 78,4 |
| Lydia | 56 | 76,7 |
| Heemstede | 67 | 76,3 |
| Minerva | 94 | 75,6 |
| Harmonie | 52 | 73,5 |
| Huis de Villiers | 75 | 72,5 |
| Sonop | 52 | 72,3 |
| Aristea | 86 | 69,9 |
| Monica | 44 | 69,5 |
| Nerina | 67 | 68,6 |
| Huis ten Bosch | 64 | 68,1 |
| Erica | 74 | 66,4 |
| Irene | 65 | 60,1 |
| Huis Neethling | 36 | 58,7 |
| Serruria | 70 | 57.6 |


LET'S GET TOGETHER
to share our knowledge and experience . . .
Read ODYSSEY
Write for ODYSSEY
Advertise in ODYSSEY
and help make our beautiful country a happier & healthier organ of Mother Earth.

On sale at all main bookstores and health shops, or direct mail.

SUBSCRIBE NOW—ensure your copy of this inspiring journal, send R5.40 to:
Odyssey,
P.O. Box 1709,
Cape Town, 8000.
For Inquiries, phone (021)465594


## Neem Kennis

**REDAKSIEPOSTE:**

U word herinner aan die volgende vakante poste in die redaksie:

2 Sub-Redakteurs (Sport)
Sub-Redakteur (Inter-Universitêr)
Sub-Redakteur (Nuus)
Hooffotograaf
Fotograwe
Nuusverslaggewers
Kunsverslaggewers
Sosiale verslaggewers
Sportverslaggewers
Verspreiders.

# INTEKENVORM

Ek wil graag inteken op Die Matie in 1980.

Naam . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

Adres . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

(Stuur inskrywingsvorm tesame met 'n tjek/posorder vir R3 aan Die Redakteur, Die Matie, Langenhoven-sentrum, Stellenbosch 7600).


**ROOMSE MATIES**

Is julle bekommerd oor die infiltrasie van Marxisme in ons Kerk?
Siek en sat vir politiek van die preekstoel?
*Sluit aan by die:*
**SUID-AFRIKAANSE KATOLIEKE VERDEDIGINGSBOND**
**Posbus 226**
**0127 Silverton**


## Dagboek regstellings:

**KOSHUISE** PRIMARIUS/A TEL. NR. STUD. NO.
Helderberg A. Marais 4501, 2131, 2148; Helshoogte W. Wust 4021, 71312, 2106; Hombré G. Geldenhuys 93171, 931249; Hippokrates E. van der Watt 2808, 2128; Oude Molen Mnr. J. Roux.

Huis ten Bosch S. Nel 3311, 2217, 2267; Huis Francie J. Claxton 932960, 931064/40; Monica M. Kruger 3118, 2117, 2159; Minerva C. Gericke 4112, 2020, 2071.

**STUDENTERAAD**
Hennie Roos; adres: 't Oude Werf, Dorpstraat.

**DIE MATIE**
Hoofredakteur: Kobus Pienaar. Tel. 73845.

**KOSHUISE**
Helderberg Inwonende hoof: Mnr. J.D. Van Wyk.
Hombré Inwonende hoof: Dr. P. du Plessis

**Kerke en leeraars**
N.G. Kerk Stellenbosch-Sentraal Ds. O.S.H. Raubenheimer is nie meer 'n leraar by dié gemeente nie.
Dr. J.S. Kellerman se adres: Verreweide 12.


Rembrandt
SUPERIEUR MILD
Die Meesterstuk
in Ligter Rookgenot
FILTER DE LUXE
THE MASTERPIECE
DIE MEESTERSTUK
Rembrandt
SUPERIOR MILD
LONDON · HAMBURG · AMSTERDAM
REMBRANDT SUPERIEUR MILD
Die ligte sigaret wat u altyd graag wou rook.

# Mej. Matieland-finaliste













*Die mej. Matieland-finaliste verskyn hier soos aangedui: Links bo – Anne Taylor; Middel bo – Zoeltje Strachan; Regs bo – Sarah Oosthuyzen; Regs middel – Jo Springthorpe; Regs onder – Susan Brewitt; Middel onder – Adri Troski; Links onder – Diana Magurd; Links middel – Deanna Redmond; Middel – Ora Ruth Reichenberg.*







# Gaan mal dis Karnaval!




















# Gaan mal dis Karnaval!





















Ons verwag 'n paar ekstra vriende
vir ete vanaand...daar's wyn te tap van
DROSTDY-HOF
Drostdy-Hof
bring u nou met trots
hul gerieflike TapVat™
Wynkenners, nou's daar 'n hele reeks
sierlike wyn tapklaar te kry
van Drostdy-Hof.
Die nuwerwetse vaatjie
hou u wyn ure lank heerlik koel
- en die kwaliteit bly goed
weke na die tap van die eerste glasie.
Elke vaatjie bevat 40 glasies
- om te geniet saam met vriende.
Tap 'n wyn van Drostdy-Hof
- geskep deur 'n Ou Kaapse kelder
vir mense wat graag 'n fynwyn voorsit.
DROSTDY-HOF
NUWE TapVat™
KELDERKEUR
DROSTDY-HOF
LATE HARVEST
LATE HARVEST · STEIN SELECT · RUBY ROSÉ · CLARET SELECT · BLANC SEC
SIERLIKE WYNE · BILLIKE PRYS

# Atletiekbyeenkoms lewer opwinding

**IN die Boland-Bank atletiekbyeenkoms wat op 18 Februarie op Coetzenburg plaasgevind het, het die Matie Hein Badenhorst daarin geslaag om die tienjaar-oue WP-hoogspringrekord van Emile Rossouw vir seuns O.19 met 'n sentimeter te verbeter. Badenhorst se wenhoogte was 2,08 meter.**

Die enigste ander Matie wat 'n eerste plek behaal het, is Isak Kotze wat die diskusgooi met 'n goeie afstand van 57,14 m gewen het terwyl hy die gewigstoot ook met 15,23 m gewen het.

### SA-REKORD

Verder het die Kovsie Sarina Cronjé haar eie SA-rekord in die myl vir vroue met 2,1 sek. verbeter om 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord van 4 min. 33,8 sek. op te stel. Sonja Laxton en Bambi Heiberg wat onderskeidelik tweede en derde in dié wedloop was met tye van 4 min. 34,0 sek. en 4 min. 35,3 sek., het ook beide die vorige SA-rekord oortref. Sonja Laxton het die heeltyd voor gehardloop, maar oor die laaste 200 m het Sarina haar verbygesteek. Bambi Heiberg was die hele tyd kort op haar hakke.

### BONZET

In die 5 000 m vir mans het Ewald Bonzet van Bellville met 'n goeie tyd van 14 min. 45,5 sek. gewen. Hy het alreeds in die derde ronde van die wedloop die voortou geneem om dit tot aan die einde te behou. Julian Marsay het 10,7 sek. agter hom tweede geëindig en Johan Dreyer van Maties was derde.

### AFLOSSE

Behalwe Hein Badenhorst se hoogspringrekord is nog twee geslote WP-rekords opgestel, en wel in die 4 maal 200 m vir mans sowel as vroue. Die WP-span met Vincent Edgar, Francois Erasmus, Albert van Rensburg en Russel Rein het 'n tyd van 1 min. 25,4 sek. behaal terwyl die vroue-WP-span met Beverly Jones, Elma Louw, Leonie Verster en Kim Welch 'n tyd van 1 min. 38,7 sek. opgestel het.

Die volledige uitslae was as volg:

### MANS

100: 1. V. Edgar (W) 10.4; 2. W. Bosman (SAP) 10,5; 3. K. Visser (US) 10,8.

400: 1. H. Kotzé (NKP) 47,1; 2. B. de Wet (US) 48,3; 3. A. van Rensburg (US) 49,0.

800 (O.19): 1. W. Stals (W) 1:50,9; 2. W. van Zyl (T) 1:52,4; 3. T. Theron (US) 1:55,0.

1 500: 1. L. Liebenberg (Potch) 3:45,4; 2. D. Goosen (US) 3:46,0; 3. C. Dale (US) 3:47,2.

5 000: 1. E. Bonzet (Bell) 13:45,5; 2. J. Marsay (T) 13:56,2; 3. J. Dreyer (US) 14:07,0.

110 h: 1. W. Bosman (SAP) 13,9; 2. K. Visser (US) 14,6; 3. E. Rossouw (Bell) 14,7.

400 h: 1. T. Henderson (UOVS) 54,1; 2. R. Campbell (US) 54,2; 3. G. Terblanche (US) 54,5.

3 000 h: 1. F. Annandale (W) 8:44,1; 2. D. Cronjé (UOVS) 8:44,4; 3. P. Viljoen (US) 8:35,4.

4x200: 1. WP 1:25,4; 2. Uitnodigingspan 1:25,7.

HS (O.19): 1. H. Badenhorst (US) 2,07; 2. A. Kromstroom (Bell) 1,95; 3. B. Willems (HHH) 1,90.

DG: 1. H. Kotze (US) 57,14; 2. C. Hayward (US) 45,24; 3. H. Geldenhuys (SAP) 41,44.

HG: 1. A. Barnard (T) 69,52; 2. H. Geldenhuys (SAP) 57,42; 3. W. Pienaar (US) 49,74.

SG: 1. H. Potgieter (Potch) 80,34; 2. J. Oosthuizen (US) 73,88; 3. R. de Wet (US) 71,06.

GS: 1. I. Kotzé (US) 15,23; 2. H. Geldenhuys (SAP) 14,51; 3. E. Nel (US) 13,57.

### VROUE

100: 1. L. Verster (Parow) 11,9; 2. K. Welch (Pine) 11,9; 3. E. Louw (Parow) 12,3.

Myl: 1. S. Cronjé (UOVS) 4:33,8 (SA rekord); 2. S. Laxton (T) 4:34,0; 3. B. Heyberg (UOVS) 4:35,3.

400 h: 1. L. Verster (Parow) 58,7; 2. B. Krogmann (US) 59,6; 3. L. Smit (PU) 60,0.

4x200: 1. WP 1:38,7; 2. Stellenbosch 1:40,6.

GS: 1. M. van Heerden (T) 14,90; 2. H. Kotzé (US) 12,71; 3. E. Engelbrecht (Bell) 12,63.




*Sarina Cronjé, van Kovsies, verbeter haar eie SA-rekord in die myl vir vroue met 2,1 sek. Links van haar is Sonja Laxton, in die tweede plek, wat ook die vorige SA-rekord gebreek het.*

Richard's Cafe



Die vriend van alle studente.

Besoek ons vir goeie diens.

# Kort-sport

### KRIEKET

TELLENBOSCH se eerste krieketspan het die Universiteit van Kaapstad in die wedstryd van 11 en 12 Februarie met 'n beurt en 19 lopies gewen. Die Ikeys het in hulle beurte 86 en 42 lopies aangeteken terwyl die Maties 147 lopies aangeteken het om te wen. Die beste Matie-boulers was Danie du Toit wat 5 paaltjies vir 15 lopies laat kantel het en Adriaan Kuyper wat 3 vir 5 geneem het, terwyl K. van der Merwe die beste met die kolf gevaar het en 49 lopies aangeteken het.

Op 16 Februarie het die 1ste krieketspan egter met 6 paaltjies teen Alma Marist verloor.

### ATLETIEK

Tydens die jaarlikse eerstejaarsatletiekbyeenkoms is P. van Zyl van Simonsberg as die beste manlike veldatleet aangewys nadat hy die paalspring met 'n hoogte van 3,95 meter gewen het. Die beste dames-veldatleet was L. Greijbe van Irene wat die hoogspring met 'n hoogte van 1,64 meter gewen het. Die beste baanatlete was A. van Rensburg van Libertas en S. du Randt van Serruria wat die 400 m in 48,7 sek. en die 800 m in 2 min. 18,6 sek. onderskeidelik gewen het. Simonsberg het die manskompetisie gewen terwyl Huis de Villiers onder die dames eerste geëindig het.

### LANDLOOP

Die Matie-broers John en Stephen Donald het die eerste twee plekke verower tydens die Time Electronics se Redhillpadwedloop oor 36 km. John het met 'n rekordtyd van 2 uur 0 min. 26 sek. gewen.

### WATERPOLO

Op 12 en 16 Februarie onderskeidelik het die Maties se eerste waterpolospan vir Unie met 12—4 en vir Vikings met 6—4 geklop.

### FIETSRY

Maties het Saterdag 16 Februarie die Paarlvallei-interklubfietsrykompetisie met 14 punte gewen.

### RUGBY

Skrumskakel Gawie Visagie is vanjaar vir Stellenbosch beskikbaar. Hy sal voorwaar 'n groot aanwins vir ons rugby wees aangesien hy verlede jaar as die beste skrumskakel in Suid-Afrika beskou is.

GEBR. Vd LINDE BROS.
MANS HAARSTILERING
*Groot verskeidenheid Wynsakke, Pype, Geskenke en Juweliersware teen 10% afslag*
NASSAU ARKADE
PLEINSTRAAT
TEL: 5590

AANDAG EERSTEJAARS!
Vir die student op die akker, ons is altyd op en wakker.
De Jagers Uitrusters
U vriend in die klerehandel nooi u vriendelik vir 'n besoek.
Ons raad is gratis, dus maak gebruik daarvan.
Ons wintermodes beloof om 'n treffer te wees vir die man wat ook sy sak moet dophou.
Maak gerus 'n draai en wees verseker van flinkse diens by
BIRDSTRAAT 4, STELLENBOSCH
KREDIETKAARTE WELKOM — VERKOOPSBELASTING INGESLUIT

ON-THE-SPOT
DROOGSKOONMAKERS
H/v Andringa- en Kerkstraat
20% AFSLAG VIR Herrie SE MENSE
Probeer ons eksklusiewe Hemdediens

# UITBLINKERS KRY KLEURE

DIE Studenteraad het in 1979 sportkleure aan 'n aantal van die Universiteit se voortreflike sportmanne en sportvroue toegeken ter erkenning van hul besondere prestasies op sportgebied. Die toekennings vir die winterseisoen van 1979 is gemaak op grond van aanbevelinge deur die Sentrale Sportkomitee.

Die volgende persone sal later vanjaar by die kleuredinee sportkleure ontvang:

**RUGBY**
L Buys
R Blair
I Mocke
C Nel
J Durr
R Hankinson
D v Blommenstein
A Pienaar
P G du Toit
B Koch
R Bolus
J Coetzee
F Joubert
C Ebersohn
W Schmidt
G van Schoor
M v Blommenstein
H Bekker
W du Plessis
H Steenkamp
D Lötter
A Barnard
A Matthee
P Anderson
D Serfontein
P v d Merwe
C Oosthuizen
P Goosen
B Nieuwoudt
R Louw
P Oosthuizen
S Povey
J P Geldenhuys

**VELDWEDLOOP**
**Mans**
D Malan
P Badenhorst
J Donald
V Liebenberg (1e jaar)
S Donald (1e jaar)

**DAMESHOKKIE**
C Harris
D Kromhout
M Parsons
M Middleton
C Fourie
L Vermaak

**SOKKER**
W Hamman
C du Toit
C Barnard
G Cohen

**TAFELTENNIS**
Mej B Smit

**ONDERWATER**
C E W Glass
C L Cilliers
H R Nash
I v d Merwe

**STOEI**
F Vermaak
G Bredenkamp
F A Fourie

**GIMNASTIEK**
Mej A Pretorius
Mnr M Snyman

**SKERM**
Mej A L Marais
Mej L Hugo

**PLUIMBAL**
**Mans** J Coetzee, S Henning
**Dames** J Ferreira, H Loots

**JUDO**
Mnre P Thornhill
K Phillips
S Conradie
Mej M Theron

**KANOVAART**
G F Beukes
J Lee

**NETBAL**
E Louwrens
L Strydom
T Klingenberg
S Voortman
L Conradie
E Jacobs

**GEWIGOPTEL**
P H J de Waal

**MANSHOKKIE**
D Reid-Ross
A van Eeden
P van Blerk
A Procter
L Stewart
A Fourie
M Dijkerman
J Smuts
C Bands
A Schoeman

**ATLETIEK**
Mej J Viljoen (1e jaar)

Die prestige-kleuredinee word vanjaar op 3 Oktober gehou. Die gasspreker by dié geleentheid sal die direkteur van sport van die Universiteit en voorsitter van die Matie-rugbyklub, prof. Danie Craven, wees. Die rugbyklub vier vanjaar sy honderdste verjaardag.



*Riekert Coertze, gooier van die Maties, in aksie met die kolf*

# Bofbal: Milnerton wen Maties net-net

VERLEDE Saterdag het Milnerton vir Maties op Coetzenburg met een lopie geklop. Dit was 'n liga-wedstryd en die eindtelling was 4—3. Van uit die staanspoor het dit geblyk dat dit 'n moeilike stryd vir beide spanne sou wees omdat beide goeie veldwerk opgelewer het.

Die goeie verstandhouding tussen die Matie-gooier en sy bofwagter het by meer as een geleentheid die opponente se aanvalspogings verydel.

Die wedstryd het op 'n dramatiese wyse geëindig. Maties het in hulle laaste beurt, die tiende, 'n lopie aangeteken om die telling 3—2 in hulle guns te laat swaai.

Milnerton het egter in hulle laaste beurt 'n aanvallende posisie ingeneem.

Daar was 'n speler by die 3de bof toe die laaste kolwer gaan kolf het. Hy het die bal ver gedryf en kon dus die eerste bof haal. Toe die bal teruggegooi word na die eerste bofwagter in 'n poging om die speler uit te hardloop, het dit by hom verbybeweeg en sodoende het beide die Milnerton-spelers lopies aangeteken om die telling in Milnerton se guns te beklink.

## Oefentye vir Judo

**STELLENBOSCH se Judo-klub nooi enige belangstellendes hartlik uit om hulle by die klub aan te sluit. Die oefentye is as volg:**
**Maandae van 6 nm. tot 7.30 nm.**
**Dinsdae van 5 nm. tot 6 nm.**
**Woensdae van 6 nm. tot 7.30 nm.**
**Donderdae van 6 nm. tot 7 nm.**

**Op Maandae, Dinsdae en Donderdae vind die oefeninge in die dojo agter die Sportkantoor op Coetzenburg plaas. Op Woensdae vind die oefeninge in die Van der Stel Sportsentrum plaas, en by dié geleentheid is die afrigter mnr. Jannie Olivier. Vir verdere inligting, kontak: Steve Conradie by tel. 3654, of Marie Fritz by tel. 2045.**

STEUN ONS ADVERTEERDERS, WANT HULLE STEUN ONS.

CYCLE CIRCUIT
Pleinstraat
Stellenbosch
Tel. 70820
Nuwe en tweedehandse fietse. Herstelwerk en bykomstighede.

## 10 000 m IS DREYER S'N

**OP die eerste dag van die WP se atletiekkampioenskappe, die 22ste Februarie, het die Matie Johan Dreyer die 10 000 m vir mans skitterend in 'n tyd van 29 min. 28,2 sek. gewen en daardeur die WP-titel ingepalm.**

Nog 'n Matie, Stephan Donald, was tweede. Hy het vir 'n lang ruk die pas aangegee, maar net na die helfte van die wedloop het Dreyer hom ingehaal. Dreyer het die laaste ronde in 64 sek. afgedraf. Dit was die beste tyd van sy loopbaan. Donald se tyd was 30 min. 11,0 sek. en B. Stander was derde in 31 min. 22,0 sek. Hy is ook van Stellenbosch.

In die tienkamp vir mans loop Jopie Loots, ook 'n Matie, na vyf items gerieflik voor.

BERGHUIS



DORPST 107
TEL. 7-2276

* TYDSKRIFTE
* KAARTE
* RUGSAKKE
* SLAAPSAKKE
* TENTE
* STEWELS
* STOWE
* KOUSE

Ons bied vriendelike, kundige diens oor al ons kampeer-, voetslaan- en bergklimtoerusting — alles teen billike pryse. Kom kyk gerus alles deur, en maak gebruik van ons gratis raad.

Friday Gaberet
2 LOVELY LADIES
FOR YOUR ENTERTAINMENT — HOT OFF
THE HOLIDAY INN CIRCUIT —
NOW AT THE
Windjammer
PLUS THE GREAT SOUNDS OF CADILAC
Saturday
PARTY NIGHT WITH CADILAC FEATURING
YOLANDA ON KEYBOARDS & VOCAL
Wednesday
WINE CRUISE — ½ PRICE WINE AND
DANCING WITH MUSIC BY UNDERDOG
Thursday
LADIES NIGHT
8 to 9.30 FREE ENTRY, CHAMPAGNE
MALE CABARET
GENTS WELCOME AFTER 9.30
Thee Windjammer
Hotel Gordonia - Gordons Bay - 41231

# MATIES SE MOOISTES



TRIO RAND · WEBB